# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

***OMSKRYWING VAN DIE ROLLE EN VERANTWOORDELIKHEIDSGEBIED VAN ELKE POLITIEKE STRUKTUUR, POLITIEKE AMPSBEKLEËR EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER***

**GOEDGEKEUR : RB 1037 VAN 29 MEI 2012**

**GEWYSIG : RVN023/08/2016 VAN 23 AUGUSTUS 2016**

## INHOUDSOPGAWE


**HOOFSTUK 1 : INLEIDING**

1.1 Die Statutêre Voorskrif

1.2 Metode van omskrywing van rolle en verantwoordelikheidsgebiede

1.3 Die rolle wat omskryf moet word

1.4 Formaat van omskrywing van rolle

**HOOFSTUK 2 : ROLOMSKRYWING**

2.1 Munisipale raad

2.2 Speaker

2.3 Uitvoerende Burgemeester

2.4 Uitvoerende Onderburgemeester

2.5 Uitvoerende Burgemeesterskomitee

2.6 Munisipale raadslid

2.7 Munisipale Bestuurder

***BEVOEGDHEDE VAN AMPSDRAERS IS INGEVOLGE DIE DELEGASIESTELSEL SOOS VAN TYD TOT TYD DEUR DIE RAAD GOEDGEKEUR INGEVOLGE ARTIKEL 53 VAN DIE WET OP PLAASLIKE REGERING:MUNISIPALE STELSEL,2000 (WET NO 32,2000) AAN DIE AMPSDRAERS GEDELEGEER***

**HOOFSTUK 3 : VERHOUDINGS, VERANTWOORDBAARHEID EN INTERAKSIE**

**HOOFSTUK 4 : DISPUTE**

**HOOFSTUK 5 : VERBINTENIS**

**HOOFSTUK 1 : INLEIDING**

1.1 **Die statutêre voorskrif**

Die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (die 'Stelselswet') vereis dat die munisipaliteit die rolle van die belangrikste rolspelers in die munisipaliteit definieer met die oog op 'n meer effektiewe regering. Artikel 53 van die wet bepaal:

"'n Munisipaliteit moet, binne die raamwerk van en ooreenkomstig die besondere bepalings van die Munisipale Strukture Wet, hierdie Wet en ander toepaslike wetgewing, die bepaalde rol en verantwoordelikheidsgebied van elke politieke struktuur en politieke ampsbekleër van die munisipaliteit en van die Munisipale Bestuurder omskryf."

Die kernwoorde in die aangehaalde bepaling het die volgende betekenis -

*"DL+BI plan"* dienslewerings- en begrotingsimplementeringsplan;

*"Munisipale Bestuurder"* 'n persoon wat ingevolge artikel 82 van die Munisipale Strukture Wet aangestel is;

*"NT"* die Nasioniale Tesourie;

*"opgelegde bevoegdheid of plig"* 'n bevoegdheid, mag of plig of dit nou uitdruklik verleen is, of afgelei kan word of delegeer of subdelegeer is;

*"O-G"* die Ouditeur-Generaal;

*"politieke ampsbekleër"* die Speaker, Uitvoerende Burgemeester, Uitvoerende Onderburgemeester of 'n lid van die uitvoerende komitee soos bedoel in die Strukture Wet;

*"politieke struktuur",* die raad van die munisipaliteit of 'n komitee of ander kollektiewe strukture van die munisipaliteit wat ingevolge 'n bepaalde bepaling van die Munisipale Strukture Wet verkies, aangewys of aangestel is;

*"PT"* die Provinsiale Tesourie in die We-Kaap Provinsie;

*"'rol"* 'n funksie wat 'n politieke struktuur, politieke ampsbekleër, raadslid of amptenaar van die munisipaliteit moet vervul in die verrigting van 'n opgelegde bevoegdheid of plig; en

*"verantwoordlikheidsgebied"* 'n geografiese of funksionele gebied van verantwoordelikheid.

1.2 **Metode van omskrywing van rolle en verantwoordelikheidsgebiede**

In ooreenstemming met die Stelselswet word die rolle en verantwoordelikheidsgebiede van die munisipaliteit se politieke strukture, politieke ampsbekleërs en die Munisipale Bestuurder in hierdie dokument omskryf in presiese terme deur middel van afsonderlike geskrewe verwysingsraamwerke vir elke politieke struktuur of politieke ampsbekleër en die Munisipale Bestuurder.

Die verwysingsraamwerke sluit die delegering van bevoegdhede en pligte aan die betrokke politieke struktuur of politieke ampsbekleër of die Munisipale Bestuurder ingevolge artikel 59 van die Stelselswet in.

Die onderskeie rolle en verantwoordelikheidsgebiede van elke politieke struktuur en politieke ampsbekleër en van die Munisipale Bestuurder word ook in hierdie dokument erken en beslag sal daaraan gegee word in die reëls, prosedures, instruksies, beleidsverklarings en ander skriftelike stukke van die munisipaliteit.

Benewens die omskrywing van die onderskeie rolle en verantwoordelikheidsgebiede van elke politieke struktuur, politieke ampsbekleër en van die Munisipale Bestuurder bepaal hierdie dokument -

(a) die verhoudings tussen daardie politieke strukture en politieke ampsbekleërs en die Munisipale Bestuurder en die wyse waarop hulle op mekaar reageer;

(b) die toepaslike lyne van verantwoordbaarheid en verslagdoening vir daardie politieke strukture en politieke ampsbekleërs en die Munisipale Bestuurder;

(c) die meganismes, prosesse en prosedures om kruisverwysings en onnodige oorvleueling van verantwoordelikhede tussen daardie politieke strukture en politieke ampsbekleërs en die Munisipale Bestuurder te minimaliseer;

(d) die meganismes, prosesse en prosedures om geskille tussen daardie politieke strukture en politieke ampsbekleërs en die Munisipale Bestuurder te besleg; en

(e) die meganismes, prosesse en prosedures vir wisselwerking tussen –

*(i) daardie politieke strukture en politieke ampsbekleërs en die Munisipale Bestuurder en ander personeellede van die munisipaliteit; en*

*(ii) raadslede en die Munisipale Bestuurder en ander personeellede van die munisipaliteit.*

## 1.3 <u>Die rolle wat omskryf moet word</u>

Die Stelselswet vereis dat rolle ten opsigte van die volgende omskryf word -

- Munisipale raad
- Geleentheids- of staande komitees
- Speaker
- Uitvoerende Burgemeester
- Uitvoerende Onderburgemeester
- Burgemeesterskomitee

- Raadslid
- Munisipale Bestuurder
- Ander personeellede

1.4 **Formaat van omskrywing van rolle**

Die Stelselswet skryf nie die formaat voor waarin die rolle en verantwoordelikheidsgebiede omskryf moet word nie en die sogenaamde titelbeskrywingformaat sal in die dokument gevolg word. Hiervolgens word al die funksies wat deur elk van die betrokke rolspelers verrig moet word geïdentifiseer en omskryf. Die aanvanklike identifisering van funksies sal in alle waarskynlikheid nie volledig wees nie en daarom sal dit nodig wees dat die omskrywing voortdurend hersien moet word, veral wanneer nuwes bygevoeg, hertoegewys of teruggetrek word.

## HOOFSTUK 2 : ROLOMSKRYWING

### 2.1 DIE MUNISIPALE RAAD

***Grondwetlike status***

Die Bergrivier Munisipaliteit het ingevolge die Grondwet die reg om binne die munisipale gebied te regeer en om sekere oogmerke na te streef en te verwesenlik, binne sy finansiële en administratiewe vermoë en met gebruikmaking van sy grondwetlik verleende magte.

Volgens die statutêre definisie van 'n munisipaliteit is voldoening aan die grondwetlike verantwoordelikheid deur die munisipaliteit nie prakties moontlik nie. Die Grondwet het gevolglik die munisipale raad met die mag beklee om die wetgewende en uitvoerende gesag van die munisipaliteit uit te oefen en verleen aan die munisipale raad die mag om besluite te neem oor die uitoefening van al die bevoegdhede en die verrigting van al die funksies van die munisipaliteit.
Die Stelselswet bevestig hierdie grondwetlike status van die munisipaliteit wanneer dit die regte en verpligtinge van die munisipale raad beskryf, nl.:

1. Die raad van 'n munisipaliteit het die **reg** om –

   (a) op eie inisiatief die plaaslike regeringsaangeleenthede van die plaaslike gemeenskap te bestuur;

   (b) die munisipaliteit se uitvoerende en wetgewende gesag uit te oefen, en om dit te doen sonder onbehoorlike inmenging; en

   (c) om die sake van die munisipaliteit te finansier deur –

      (i) gelde vir dienste te hef; en

      (ii) bobelasting op gelde, eiendomsbelasting en, in die mate deur nasionale wetgewing daartoe gemagtig, ander belastings, heffings en aksyns te hef.

2. Die raad van 'n munisipaliteit het die **verpligting** om, binne die munisipaliteit se finansiële en administratiewe kapasiteit en met inagneming van praktiese oorwegings –

(a) die munisipaliteit se uitvoerende en wetgewende gesag uit te oefen en die hulpbronne van die munisipaliteit in die beste belang van die plaaslike gemeenskap aan te wend;

(b) sonder bevoorregting of vooroordeel, demokratiese en verantwoordbare regering te voorsien;

(c) die betrokkenheid van die plaaslike gemeenskap aan te moedig;

(d) daarna te streef om te verseker dat munisipale dienste op 'n finansieel en omgewingsvolhoubare wyse aan die plaaslike gemeenskap verskaf word;

(e) die plaaslike gemeenskap te raadpleeg oor-

(i) die vlak, kwaliteit, bestek en inslag van munisipale dienste wat deur die munisipaliteit voorsien word, òf direk òf deur middel van 'n ander diensverskaffer; en

(ii) die beskikbare opsies vir diensverskaffing;

(f) lede van die plaaslike gemeenskap billike toegang te verleen tot die munisipale dienste waarop hulle geregtig is;

(g) ontwikkeling in die munisipaliteit te bevorder en te onderneem;

(h) geslagsgelykheid in die uitoefening van die munisipaliteit se uitvoerende en wetgewende gesag te bevorder;

(i) 'n veilige en gesonde omgewing in die munisipaliteit te bevorder; en

(j) tesame met ander staatsorgane by te dra tot die progressiewe verwesenliking van die fundamentele regte wat in artikels 24, 25, 26, 27 en 29 van die Grondwet vervat is.

3. 'n Munisipaliteit moet by die uitoefening van sy uitvoerende en wetgewende gesag die regte van burgers en dié van ander persone wat deur die Handves van Regte beskerm word, eerbiedig.

Hierdie regte en verpligtinge vorm die basis van die magte en funksies van die munisipaliteit.

***<u>Verantwoordelikheidsgebied van die munisipale raad</u>***

Volgens die betekenis wat hierbo aan die term geheg is, moet die munisipale raad se verantwoordelikheidsgebied vanuit sowel 'n geografiese as funksionele oogpunt beskou word.

Die munisipale raad mag, behalwe in enkele uitsonderlike gevalle, nie buite sy geografiese gebied funksioneer nie. Per definsie is die munisipaliteit se geografiese gebied, die munisipale gebied wat ingevolge die *Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakening*, 1998 (Wet No. 27 van 1998), bepaal is.

Die funksionele verantwoordelikheidsgebied van die munisipale raad strek sover as die omvang van plaaslike owerheidsaangeleenthede waaroor die munisipaliteit mag beskik ingevolge –

- die Grondwet saamgelees met artikel 83 en 84 van die Strukture wet;
- ander magtigende wetgewing;
- aangeleenthede, magte, funksies en pligte, gedelegeerd of opgedra; en
- bevoegdhede uit hoofde van die munisipaliteit se status as regspersoon.

*Magte en Pligte*

1. Die munisipale raad regeer

Die munisipale raad regeer binne die geografiese gebied van die munisipaliteit deur–

- Wette te maak en te administreer;
- Belastings te hef; en
- Besluite te neem wat mense se regte raak.

2. Die munisipale raad is 'n Wetgewer

Volgens die Grondwet setel die wetgewende mag ten opsigte van die munisipale gebied in die munisipale raad. Die raad kan dus verordeninge uitvaardig en administreer vir die doeltreffende administrasie van die aangeleenthede wat hy die reg het om te administreer.

Die bevoegdheid om wette te maak mag nie delegeer word nie. Sommige prosedurele funksies mag egter toevertrou word aan 'n "lid of komitee van die munisipale raad", en die Uitvoerende Burgemeester , terwyl ander weer deur die raad delegeer mag word, bv.die advertering vir kommentaar, publikasie in die Provinsiale Gazette, publieke deelname, samestelling van die munisipale kode, wetstoepassing, ens.

3. Die munisipale raad is 'n belastingsowerheid

Die munisipale raad mag eiendomsbelasting en bobelasting op gelde vir dienste deur of namens die munisipaliteit verskaf, oplê en, indien deur nasionale wetgewing daartoe gemagtig, ander belastings, heffings en regte.

Die bevoegdheid wat die munispale raad het om belastings te hef is egter beperk tot die distriksbestuursgebiede.

Die algemene mag om gelde, kostes of tariewe te hef en in te vorder word ontleen aan die Stelselswet. Daarvolgens kan die raad-

(a) gelde, kostes of tariewe hef en invorder ten opsigte van enige funksie of diens van die munisipaliteit; en

(b) invorderingskostes en rente op 'n uitstaande bedrag invorder.

Die munisipale raad mag egter nie die bevoegdheid om belastings ens. te hef, delegeer nie, maar moet dit self uitoefen.

4. Die munisipale raad is 'n primêre besluitnemer

Die raad van die munisipaliteit oefen die wetgewende en uitvoerende bevoegdhede van die munisipaliteit uit en neem al die besluite van die munisipaliteit, behalwe daardie wat delegeer is, of by wet toevertrou is aan politieke strukture, politieke ampsbekleërs, individuele raadslede of amptenare.

Die munisipale raad is 'n liggaam wat uit verkose lede bestaan en die raad kan slegs kollektief handel en dan alleen by besluite wat regmatig geneem is.

5. Die munisipale raad is 'n delegeerder van bevoegdhede en pligte

Die *Witskrif op Plaaslike Regering* en die Stelselswet vereis in artikel 59 dat 'n munisipale raad sy uitvoerende magte moet delegeer vir doeleindes van snelle en doeltreffende besluitneming en voorsiening maak vir goeie bestuur en toesig oor die munisipale administrasie.

Die munisipale raad mag toepaslike bevoegdhede, buiten sekere omskrewe bevoegdhede, aan enige van die munisipaliteit se ander politieke strukture, politieke ampsbekleërs, raadslede, of personeellede delegeer. 'n Delegasie van bevoegdhede ontneem nie die raad die verantwoordelikheid betreffende die uitoefening van die bevoegdheid of die verrigting van die plig nie. Die munisipale raad mag ook enige besluit wat deur so 'n politieke struktuur, politieke ampsbekleër, raadslid of personeellid ten gevolge van 'n delegasie of opdrag geneem is, hersien en die besluit bevestig, verander of herroep, behoudens enige regte wat aan 'n persoon mag toegeval het.

Wanneer die munisipale raad magte of pligte delegeer doen dit nie afstand van die verpligting om toe te sien dat die bevoegdheid uitgeoefen en die plig verrig word nie. Om dié rede is maatreëls nodig om te verseker dat gedelegeerdes verslag doen van besluite wat ingevolge gedelegeerde bevoegdhede geneem het. Sodoende sal die munisipale raad dan ook kon evalueer of die gedelegeerde die gedelegeerde bevoegdheid of plig behoorlik uitgeoefen of verrig het. Indien nie, kan die munisipale raad in bepaalde omstandighede die besluit hersien en selfs besluit om die delegasie te hersien of in te trek.

6. Die munisipale raad is 'n Appèlliggaam

'n Persoon wie se regte geraak word deur 'n besluit wat deur 'n politieke struktuur, politieke ampsbekleër, raadslid of personeellid geneem is ingevolge 'n bevoegdheid of plig wat gedelegeer of gesubdelegeer is, kan teen daardie besluit appelleer.

Waar dit 'n appèl is teen 'n besluit geneem deur 'n politieke struktuur of 'n politieke ampsbekleër, of 'n raadslid is die munisipale raad die appèlowerheid.

As appèlowerheid moet die munisipale raad die appèl oorweeg, en kan dit die besluit bevestig, verander of herroep, maar geen sodanige verandering of herroeping van 'n besluit mag afbreuk doen aan enige regte wat as gevolg van die besluit ontstaan het nie.

7. <u>Die munisipale raad is 'n "staatsorgaan"</u>

Die munisipale raad is 'n "staatsorgaan" en hierdie status hou bepaalde gevolge in.

Die belangrikste is waarskynlik dat die Grondwet en verskeie ander wette uitdruklike pligte en verantwoordelikhede aan staatsorgane toevertrou.
Een van die belangrikste funksies van 'n staatsorgaan is om te voldoen aan die beginsels van samewerkende regering en inter-regeringsbetrekkinge soos uitgespel in artikel 41 van die Grondwet, naamlik-

(1) Alle regeringsfere en alle staatsorgane binne elke sfeer moet -

(a) die vrede, die nasionale eenheid en die onverdeelbaarheid van die Republiek bewaar;

(b) die welsyn van die mense van die Republiek verseker;

(c) doeltreffende, deursigtige, verantwoordingspligtige en samehangende regering vir die Republiek as geheel voorsien;

(d) getrou wees aan die Grondwet, die Republiek en sy mense;

(e) die grondwetlike status, instellings, bevoegdhede en funksies van regering in die ander sfere eerbiedig;

(f) hulself geen bevoegdheid of funksies toe-eien behalwe dié wat ingevolge die Grondwet aan hulle opgedra is nie;

(g) hul bevoegdhede uitoefen en hul funksies verrig op 'n wyse wat nie inbreuk maak op die geografiese, funksionele of institusionele integriteit van regering in 'n ander sfeer nie; en

(h) in wedersydse vertroue en goeie trou met mekaar saamwerk deur–

(i) vriendskaplike betrekkinge te bevorder;

(ii) mekaar te help en te ondersteun;

(iii) mekaar van inligting te voorsien, en met mekaar oorleg te pleeg, oorsake van gemeenskaplike belang;

(iv) hul optrede en wetgewing met mekaar te koördineer;

(v) by ooreengekome prosedures te hou; en

(vi) regsverrigtinge teen mekaar te vermy.

(2) 'n Parlementswet moet-

(a) strukture en instellings tot stand bring, of voorsiening maak vir strukture en instellings, om inter-regeringsbetrekkinge te bevorder en te vergemaklik; en

(b) voorsiening maak vir gepaste meganismes en prosedures om die beslegting van inter-regeringsgeskille te vergemaklik.

(3) 'n Staatsorgaan wat in 'n interregeringsgeskil betrokke is, moet alle redelike pogings aanwend om die geskil te besleg deur middel van meganismes en prosedures wat vir dié doel voorsien is, en moet alle ander middele uitput voordat hy 'n hof nader om die geskil te besleg.
Die status as staatsorgaan verleen ook algemene magte t.o.v. delegasie.

Artikel 239 van die Grondwet laat 'n uitvoerende staatsorgaan toe om -

- enige bevoegdheid of funksie wat ingevolge wetgewing uitgeoefen of verrig moet word aan enige ander uitvoerende staatsorgaan te delegeer mits die delegering bestaanbaar is met die wetgewing ingevolge waarvan die bevoegdheid uitgeoefen of die funksie verrig word; of

- enige bevoegdheid of funksie vir enige ander uitvoerende staatsorgaan op 'n agentskaps of delegeringsgrondslag uit te oefen of te verrig.

8. Die munisipale raad is 'n lid van georganiseerde plaaslike regering

Georganiseerde plaaslike regering speel 'n beduidende rol as die amptelike spreekbuis van plaaslike regering. Die provinsiale liggaam geskep ingevolge nasionale wetgewing bestaan uit lede van munisipale rade in die provinsie.

Die munisipale raad as lid kan 'n betekenisvolle rol speel om nasionale sienings, sentimente en beleid oor plaaslike regering te beinvloed en om–

(a) gemeenskaplike benaderings te ontwikkel vir plaaslike regering as 'n afsonderlike regeringsfeer;

(b) samewerking, wedersydse bystand en die deel van hulpbronne tussen munisipaliteite te versterk;

(c) oplossings te vind vir probleme wat in die algemeen op plaaslike regering betrekking het; en

(d) voldoening aan die beginsels van samewerkende regering en interregeringsbetrekkinge te fasiliteer.

9. Die munisipale raad verteenwoordig die werkgewer

Die munisipale raad moet in die uitoefening van sy bevoegdhede en die verrigting van sy pligte 'n administrasie tot stand bring.

'n Munisipale raad moet 'n Munisipale Bestuurder aanstel asook bestuurders wat regstreeks aan die Munisipale Bestuurder verantwoordbaar is, dog na oorleg met die Munisipale Bestuurder. Die bevoegdheid, om die Munisipale Bestuurder en bestuurders wat regstreeks aan die Munisipale Bestuurder verantwoordbaar is aan te stel is nie delegeerbaar nie. Die bepaling of aanpassing van die besoldiging, voordele of ander diensvoorwaardes van die Munisipale Bestuurder of bestuurders wat regstreeks aan die Munisipale Bestuurder verantwoordelik is, mag egter delegeer word, maar dan net aan die Uitvoerende Burgemeester of uitvoerende komitee.

Die raad kan die Munisipale Bestuurder magtig om personeel aan te stel.

Die munisipaliteit nomineer ook lede van die munisipale raad om op arbeidsforums te dien.

10. Die munisipale raad verteenwoordig die regspersoon

As verteenwoordiger van die munisipaliteit as regspersoon is die munisipale raad gemagtig om eiendom te koop of te vervreem, om eisend en verwerend op te tree, ensovoorts.

Die munisipale raad verteenwoordig die regspersoon in daardie gevalle waar enige bevoegdhede ingevolge sy regspersoonlikheid uitgeoefen word. Hierdie bevoegdhede word aan politieke strukture, politieke ampsbekleërs of amptenary delegeer.

11. Die munisipale raad daarna streef om die "Oogmerke van Plaaslike Regering" te verwesenlik

Artikel 19 van die Strukture Wet vereis dat die munisipaliteit die grondwetlike oogmerke van plaaslike regering nastreef, naamlik-

(a) om demokratiese en verantwoordingspligtige regering vir plaaslike gemeenskappe te voorsien;

(b) om te verseker dat dienste op volhoubare wyse aan gemeenskappe verskaf word;

(c) om maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te bevorder;

(d) om 'n veilige en gesonde omgewing te bevorder; en

(e) om die betrokkenheid van gemeenskappe en gemeenskapsorganisasies in plaaslike regeringsaangeleenthede aan te moedig.

Om dit te vermag moet die munisipale raad jaarliks die volgende oorweeg en hersien waar nodig –

(a) die behoeftes van die gemeenskap;

(b) prioriteite om daardie behoeftes te bevredig;

(c) werkswyses om die gemeenskap te betrek;

(d) organisatoriese en leweringsmeganisme om die behoeftes van die gemeenskap te bevredig; en

(e) algehele prestasie ter bereiking van hierdie oogmerke.

12. Die munisipale raad moet die gemeenskap raadpleeg

Die munisipale raad is verplig om deelname van gemeenskappe en gemeenskaps-organisasies in plaaslike regeringsaangeleenthede aan te moedig en moet ook die

demokratiese waardes en beginsels wat die openbare administrasie beheers en wat in die Grondwet verskans is, navolg. Die raad moet ook –

- aandag gee aan mense se behoeftes, en die publiek aanmoedig om aan beleidsvorming deel te neem; en

- deursigtigheid bevorder deur die publiek van tydige, toeganklike en korrekte inligting te voorsien.

Die raad moet ook volgens artikel 16 van die Stelselswet die gemeenskap betrek in sake soos die GOP, begroting, prestasiebestuur, voorsiening van dienste ens.

13. Die munisipale raad is die alleen besluitnemer oor sekere aangeleenthede

Slegs die munisipale raad kan oor die volgende aangeleenthede besluit neem-

*Finansieël*

1. Aanname van verordeninge - artikel 160(2) van die Grondwet.

2. Goedkeuring van begrotings - artikel 160(2) van die Grondwet en artikel 24 van die MFB.

3. Oplegging van eiendomsbelasting en ander belastings, heffings en regte - artikel 160(2) van die Grondwet, artikel 75A van die Stelselswet en artikel 14 van die *Municipal Property Rates Act*

4. Verkryging van lenings - artikel 160(2) van die Grondwet en artikels 45 en 46 van die MFB.

5. Aanname van die geïntegreerde ontwikkelingsplan en enige wysiging daaraan - artikel 30 Strukture Wet.

*Polities*

6. Ontbinding van die munisipale raad - artikel 34 van die Strukture Wet.

7. Verkiesing van Speakers - artikel 36 van die Strukture Wet.

8. Om die Speaker van sy/haar amp te onthef - artikel 40 van die Strukture Wet.

9. Om waarnemende Speakers aan te wys - artikel 41 van die Strukture Wet.

10. Verkiesing van Uitvoerende Burgemeester en Uitvoerende Onderburgemeester - artikel 55 van die Strukture Wet.

11. Om die Uitvoerende Burgemeester of Uitvoerende Onderburgemeester van sy/haar amp te onthef - artikel 58 van die Strukture Wet.

12. Instelling van komitees – artikels 79 en 80 van die Strukture Wet, artikel 166 van die MFB en item 14(1)(b) van Bylae 1 van die Stelselswet.

13. Goedkeuring aan 'n raadslid om 'n party by of bevoordeelde kragtens 'n kontrak met die munisipaliteit te wees - item 6 van Bylae 1 van die Stelselswet.

14. Bepaling van die salarisse en toelaes van raadslede – artikel 7 van die Wet op die besoldiging van Openbare Ampsbekleërs.

15. Bepaling van'n boete vir die nie-bywoning van vergaderings - item 4(1) van Bylae 1 van die Stelselswet.

*Personeel*

16. Aanstelling van 'n Munisipale Bestuurder - artikels 30 en 82 van die Strukture Wet en *Mbana v Mnquma Municipality 2004* (1) BCLR 83 (Tk)

17. Aanstelling van 'n departementshoof/ bestuurder direk verantwoordbaar aan die Munisipale Bestuurder - artikel 30 van die Strukture Wet en artikel 56 van die Stelselswet.

18. Die aanstelling van 'n Boubeheerbeampte - artikel 5 gelees met artikel 28 van die Wet op Nasionale Bouregulasies.

Voeg by in terme van nuwe wetgewing:

19. Die goedkeuring van die Personeelstruktuur - Local Government Structures Amendment Act, 2011.

20. Die inisiëring en bestuur van dissiplinêre prosesse van Artikel 57 bestuurders.

*Regsaangeleenthede*

21. Aangaan van 'n diensleweringsooreenkoms ingevolge artikel 59 en 76 (b) van die Stelselswet en artikel 59 van die Stelselswet

22. Vervreemding van kapitale bates - artikel 14 van die MFB.

## 2.2 DIE SPEAKER

Verantwoordelikheidsgebied

Die verantwoordelikheidsgebied van die Speaker vanuit 'n geografiese perspektief is beperk tot die geografiese gebied van die munisipaliteit. Vanweë die munisipaliteit se betrokkenheid by samewerkende regering strek die Speaker se invloed egter veel wyer, soos byvoorbeeld die aktiwiteite van 'n Speakers forum en ander provinsiale liggame.

Wat betref die funksionele gebied beskik die Speaker oor al die magte wat statutêr aan die amp verleen word sowel as daardie wat delegeer is en ontleen word aan die gemene reg.

Magte en Pligte

1. Die Speaker is Voorsitter van die Munisipale Raad

Die Strukture Wet vereis dat 'n munisipaliteit 'n voorsitter vir die munisipale raad moet hê en dat sodanige persoon 'Speaker' genoem word. Die Speaker beskik oor uitdruklike statutêre bevoegdhede en het daarbenewens, uit

hoofde van sy/haar voorsitterskap, ook wye magte wat aan die gemene reg ontleen word.

2. Die Speaker roep die Munisipale Raad byeen

Die Speaker besluit wanneer en waar die munisipale raad vergader. Die enigste beperking op die Speaker se mag in dié verband is -

- die vereiste dat die raad ten minste kwartaalliks moet vergader ; en
- die reg van 'n meerderheid van die raadslede om te versoek dat 'n raadsvergadering vir 'n bepaalde datum en tyd byeengeroep word.

Die bevoegdheid om 'n vergadering van die raad byeen te roep is nie beperk tot die gee van kennis van die tyd, datum en plek van die vergadering nie. Die besluit oor welke sake tydens 'n vergadering bespreek moet word en in watter formaat dit aangebied moet word is daarby inbegrepe.

3. Die Speaker sit voor tydens vergaderings van die munisipale raad

Die Speaker van 'n munisipale raad sit voor op vergaderings van die raad en moet –

- orde tydens vergaderings handhaaf;
- toesien dat raadsvergaderings ooreenkomstig die reëls en orders van die raad verloop;
- nakoming in die raad en raadskomitees van die Gedragskode verseker;
- 'n raadslid se reg op vryheid van spraak tydens vergaderings van die raad beskerm;
- 'n raadslid se reg op privilegie en voorregte beskerm;
- 'n beslissende stem uitbring waar daar 'n staking van stemme is oor enige saak wat voor die raad dien;
- die notule teken ter bevestiging dat dit 'n getroue weergawe is van die verrigtinge van vorige vergaderings;
- reël dat die publiek toegang verkry tot vergaderings van die munisipale raad.

4. Die Speaker moet nakoming van die Gedragskode verseker

Die Speaker het die uitdruklike bevoegdhede om nakoming van die Gedragskode in die raad en komiteevergaderings te verseker.

Stappe wat teen 'n raadslid geneem word moet geskied ooreenkomstig die beginsels van natuurlike geregtigheid en eenvormige staande prosedures wat die munisipale raad moet aanneem. Die Speaker moet die opstel van sodanige prosedures inisieer.

Ingevolge item 13 van die Gedragskode moet die Speaker, indien van mening dat 'n raadslid 'n bepaling van die kode oortree het –

(a) 'n ondersoek gelas na die feite en omstandighede van die beweerde oortreding;

(b) die raadslid 'n redelike geleentheid bied om skriftelik op die beweerde oortreding te antwoord;

(c) daarna die aangeleentheid by 'n vergadering van die munisipale raad rapporteer, en

(d) die uitslag van die ondersoek aan die provinsiale LUR vir plaaslike regering rapporteer.

Die Speaker moet toesien dat elke raadslid by ampsaanvaarding 'n afskrif van die Gedragskode ontvang en dat 'n afskrif van die kode beskikbaar is in elke kamer of plek waar die raad vergader.

5. <u>Die Speaker is 'n Appèlowerheid</u>

Die Speaker is aangestel as die 'tersaaklike owerheid' om appèlle ingevolge die *Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting* te hanteer.

6. <u>Die Speaker is die ontvanger van gedelegeerde bevoegdhede</u>

Die Speaker mag ook daardie bevoegdhede uitoefen wat die munisipale raad aan hom/haar delegeer ingevolge artikel 59 van die Stelselswet.

Die bevoegdhede wat die munisipale raad aan die Speaker delegeer het verskyn in die delegasie dokument.

## 2.3 DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Die Bergrivier Munisipaliteit is volgens arikels 7 en 10 van die Strukture Wet 'n kategorie 'B' munisipaliteit met 'n burgemeesters- uitvoerende stelsel.

Volgens die burgemeesters- uitvoerende stelsel word die uitoefening van uitvoerende gesag toevertrou aan 'n Uitvoerende Burgemeester in wie die uitvoerende leierskap van die munisipaliteit berus en wie deur 'n burgemeesterskomitee bygestaan word.

*<u>Verantwoordelikheidsgebied</u>*

Die verantwoordelikheidsgebied van die Uitvoerende Burgemeester is geografies beperk tot die geografiese jurisdiksie gebied van die munisipaliteit. Vanweë die munisipaliteit se betrokkenheid by samewerkende regering strek die Uitvoerende Burgemeester se invloed egter veel wyer, soos byvoorbeeld die aktiwiteite van strukture om met provinsie te skakel, Salga ens.

Wat betref die funksionele verantwoordelikheidsgebied beskik die Uitvoerende Burgemeester oor al die magte wat statutêr aan die amp verleen word, delegeer is, afgelei kan word en wat ontleen word aan burgerlike kultuur of tradisie.

*<u>Magte en Pligte</u>*

1. Die Uitvoerende Burgemeester is die uitvoerende leier.

Die uitvoerende leierskap van die munisipaliteit berus in die Uitvoerende Burgemeester, wie deur 'n burgemeesterskomitee bygestaan word.

2. Die Uitvoerende Burgemeester is die politieke Leier van die munisipaliteit

Die Uitvoerende Burgemeester is die politieke leier van die munisipaliteit. Hierdie status moet nie verwar word met party-politieke leierskap nie; dit verwys na die politieke stelsel binne die staatsbestel.
Die Uitvoerende Burgemeester se belangrikste funksie as politieke leier is om die grondwetlike status, instellings, magte en funksies van die munisipaliteit te bevorder en te beskerm; ook om die beginsels van samewerkende regering en interowerheidsverhoudinge te respekteer en te verdedig. Die Uitvoerende Burgemeester staan aan die hoof van afvaardigings van die munisipaliteit wat met ander sfere van regering en georganiseerde plaaslike regering oor die politieke bestel beraadslaag.

3. Die Uitvoerende Burgemeester is die sosiale en seremoniële hoof van die munisipaliteit

In hierdie hoedanigheid verrig die Uitvoerende Burgemeester belangrike funksies waaronder-

- verteenwoordig die munisipaliteit op alle vlakke van die samelewing;
- inisieer, borg of tree op as beskermheer by filantropiese of welsyns aksies;
- tree op as gasheer en verwelkom hoogwaardigheidsbekleërs;
- open projekte, gebeure, nuwe geboue, ensovoorts;
- ontmoet en onthaal hoogwaardigheidsbekleërs;
- verteenwoordig die munisipale raad by burgelike funksies.

4. Die Uitvoerende Burgemeester is die hoofadviseur van die munisipale raad

Die Uitvoerende Burgemeester is geregtig om verslae van komitees van die munisipale raad te ontvang en sodanige verslae tesame met 'n aanbeveling aan die raad te stuur indien die Uitvoerende Burgemeester die aangeleentheid nie kan afhandel ingevolge gedelegeerde bevoegdhede nie.

In die onderstaande gevalle mag die munisipale raad nie 'n besluit neem tensy die Uitvoerende Burgemeester nie eers 'n verslag en aanbeveling daaroor gemaak het nie:

(a) enige aangeleentheid genoem in artikel 160 (2) van die Grondwet;

(b) die goedkeuring van 'n GOP en enige wysigings van daardie plan; en

(c) die aanstelling en diensvoorwaardes van die Munisipale Bestuurder en 'n hoof van 'n departement van die munisipaliteit.

5. Die Uitvoerende Burgemeester moet die behoeftes van die munisipaliteit identifiseer

Die Uitvoerende Burgemeester is statutêr verplig om -

(a) die behoeftes van die munisipaliteit te identifiseer;

(b) daardie behoeftes in rangorde van voorkeur te hersien en evalueer;

(c) by die munisipale raad strategieë, programme en dienste aan te beveel om voorkeurbehoeftes deur middel van die GOP en die beraming van inkomste en uitgawe te verwesenlik: met inagneming van enige toepaslike nasionale en provinsiale ontwikkelingsplanne;

(d) die beste metodes aan te beveel of te bepaal, met inbegrip van samewerkings- en ander benaderings, om daardie strategieë, programme en dienste tot maksimum voordeel van die gemeenskap te verwesenlik; en

(e) kriteria te identifiseer en te ontwikkel waarvolgens vordering in die implementering van strategieë, programme en dienste (in (c) hierbo) evalueer kan word, asook sleutel prestasie-aanwysers, wat eie is aan die munisipaliteit en plaaslike regering in die algemeen.

6. <u>Die Uitvoerende Burgemeester moet vordering evalueer</u>

By die verrigting van ampsfunksies moet die Uitvoerende Burgemeester die volgende pligte verrig –

(a) vordering teen sleutel prestasie-aanwysers evalueer;

(b) die prestasie van die munisipaliteit hersien ten einde-

(i) die ekonomie, doeltreffendheid en effektiwiteit van die munisipaliteit te verbeter;

(ii) die doeltreffendheid van kredietkontrole en inkomste- en skuldinvorderingsdienste te verbeter;

(iii) die toepassing van die munisipaliteit se verordeninge te verbeter.

7. <u>Die Uitvoerende Burgemeester moet die administrasie moniteer</u>

Die Uitvoerende Burgemeester is verantwoordelik om die bestuur van die munisipaliteit se administrasie ooreenkomstig die beleidsvoorskrifte van die munisipale raad te monitor. Die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder moet ooreenkom oor die inhoud van die beleidsvoorskrifte alvorens dit aan die raad vir goedkeuring voorgelê word.

8. <u>Die Uitvoerende Burgemeester hou toesig oor die voorsiening van dienste</u>

Die Uitvoerende Burgemeester moet toesig hou oor die voorsiening van dienste op 'n volhoubare wyse aan gemeenskappe in die munisipaliteit. Hierdie plig moet korreleer word met die verantwoordelikheid van die Munisipale Bestuurder om 'diensverskaffing aan die plaaslike gemeenskap op 'n volhoubare en billike wyse te bestuur'.

9. Die Uitvoerende Burgemeester is die beskermer van die publiek se reg om gehoor te word

Die Uitvoerende Burgemeester moet gemeenskapsdeelname verseker, toesien dat die gemeenskap se sienings oorweeg word en moet-

(a) jaarliks aan die raad verslag doen oor die betrokkenheid van gemeenskappe en gemeenskapsorganisasies in die sake van die munisipaliteit; en

(b) verseker dat oorweging gegee word aan openbare sienings, en verslag doen oor die uitwerking van oorlegpleging oor die besluite van die raad.

10. Die Uitvoerende Burgemeester moet aan die raad rapporteer

Die Uitvoerende Burgemeester moet verslag doen aan die raad oor alle besluite wat die Uitvoerende Burgemeester geneem het. Hierdie plig is nie net van toepassing op die Uitvoerende Burgemeester se statutêre magte nie, maar ook gedelegeerde magte. Die munisipale raad moet die formaat van verslae bepaal en ook hoe gereeld verslag gedoen moet word.

11. Die Uitvoerende Burgemeester moet 'n Uitvoerende Burgemeesterskomitee saamstel

Die Uitvoerende Burgemeester moet 'n burgemeesterskomitee uit die geledere van die raadslede aanstel om hom of haar by te staan.

Die Uitvoerende Burgemeester kan ook 'n lid van die burgemeesterskomitee ontslaan.

12. Die Uitvoerende Burgemeester kan verantwoordelikhede en bevoegdhede delegeer

Die Uitvoerende Burgemeester kan-

- spesifieke verantwoordelikhede aan elke lid van die burgemeesters-komitee delegeer;
- enige van die Uitvoerende Burgemeester se bevoegdhede aan die onderskeie lede van die burgemeesterskomitee delegeer.

Die munisipale raad kan, deur sekere bevoegdhede en funksies van die Uitvoerende Burgemeester aan te wys, die Uitvoerende Burgemeester se bevoegdheid om te delegeer beperk. Aangewysde bevoegdhede en funksies moet dan saam met die ander lede van die burgemeesterskomitee uitgeoefen en verrig word.

Die Uitvoerende Burgemeester kan ook sy/haar statutêre magte ingevolge die MFB wet aan 'n ander lid van die burgemeesterskomitee delegeer.

Enige sodanige delegasies moet in skrif wees; is onderworpe aan beperkings en voorwaardes wat die Uitvoerende Burgemeester mag oplê; en ontneem nie die Uitvoerende Burgemeester van die verantwoordelikheid aangaande die uitoefening of verrigting van die gedelegeerde mag of plig nie.

Die Uitvoerende Burgemeester mag ook enige besluit wat ten gevolge van 'n delegasie ingevolge hierdie artikel geneem is. bevestig, verander of herroep behoudens enige regte wat aan 'n persoon mag toegeval het as gevolg van die besluit.

13. Die Uitvoerende Burgemeester is die appèlowerheid

'n Persoon wie se regte geraak word deur 'n besluit wat deur die Munisipale Bestuurder, geneem is ingevolge 'n bevoegdheid of plig wat aan die Munisipale Bestuurder gedelegeer of gesubdelegeer is, kan na die Uitvoerende Burgemeester teen daardie besluit appelleer.

Die Uitvoerende Burgemeester kan die besluit bevestig, verander of herroep, maar geen sodanige verandering of herroeping van 'n besluit mag afbreuk doen aan enige regte wat as gevolg van die besluit ontstaan het nie.

14. Die Uitvoerende Burgemeester het vele begrotingsverantwoordelikhede

14.1 *Jaarlikse begrotings* [a.16]

Die Uitvoerende Burgemeester moet die jaarlikse begroting ten minste 90 dae voor die aanvang van die begrotingsjaar by 'n raadsvergadering ter tafel lê.

Die Uitvoerende Burgemeester kan, ingevolge artikel 68 van die MFB, vereis dat die rekenpligtige beampte, hom/haar –

(a) bystaan by die verrigting van die begrotingsfunksies; en

(b) voorsien van die administratiewe ondersteuning, hulpbronne en inligting wat nodig is om daardie funksies te verrig.

Wanneer die begroting opgestel word, moet die Uitvoerende Burgemeester –

(a) die GOP in ag neem;

(b) alle redelike stappe doen om te verseker dat die GOP hersien word, met inagneming van realistiese inkomste- en bestedingsprojeksies vir komende jare;

(c) die nasionale begroting, provinsiale begroting, nasionale regering se fiskale en makro-ekonomiese beleid, die *Wet op die Verdeling van Inkomste* en enige ooreenkoms in die Begrotingsforum bereik, in ag neem;

(d) oorleg pleeg met alle plaaslike munisipaliteite in die munispale gebied, die PT, en wanneer daartoe versoek, die NT en enige nasionale of provinsiale staatsorgane soos wat voorgeskryf mag word; en

(e) op versoek, enige inligting m.b.t. die begroting verskaf aan die NT, ander staatsorgane soos wat voorgeskryf mag word en 'n ander munisipaliteit wat deur die begroting geraak word.

14.2 *Begrotingsproses* [a.21]

Die Uitvoerende Burgemeester moet -

(a) die prosesse vir die opstel van die jaarlikse begroting en vir die hersiening van die GOP en begrotingsverwante beleidsdokumente koördineer om te verseker dat die begroting wat ter tafel gelê word en enige hersienings van die GOP en beleidsdokumente onderling verenigbaar en geloofwaardig is;

(b) ten minste 10 maande voor die aanvang van die begrotingsjaar 'n tydsrooster in die raad ter tafel lê wat sleuteltydsgrense uitstip vir-

(i) die opstel, tertafellegging en goedkeuring van die begroting;

(ii) die jaarlikse hersiening van die GOP en die begrotingsverwante beleidsdokumente;

(iii) die tertafellegging en aanname van enige wysigings van die GOP en die begrotingsverwante beleidsdokumente; en

(iv) enige oorlegplegingsprosesse wat deel vorm van bogenoemde prosesse.

14.3 *Oorlegpleging met betrekking tot begrotings wat ter tafel gelê is* [a.23]

Die Uitvoerende Burgemeester moet, nadat die raad al die begrotingsvertoë oorweeg het op die vertoë reageer en indien nodig, die begroting hersien en wysigings vir oorweging deur die raad ter tafel lê.

14.4 *Versuim om begroting voor aanvang van begrotingsjaar goed te keur* [a25]

Indien die jaarlikse begroting en inkomstegenererende maatreëls nodig vir uitvoering van die begroting nie teen die eerste dag van die begrotingsjaar goedgekeur is nie, moet die Uitvoerende Burgemeester onmiddellik aan artikel 55 voldoen deur –

(a) die aangeleentheid by die LUR vir plaaslike regering aan te meld; en

(b) te oorweeg om 'n toepaslike provinsiale ingryping ingevolge artikel 139 van die Grondwet by die LUR aan te beveel.

14.5 *Nie-voldoening aan statutêre bepalings* [a.27]

Wanneer die Uitvoerende Burgemeester bewus word van enige dreigende nie-voldoening van enige van die bepalings van die MFB of enige ander wetgewing met betrekking tot die tertafellegging of goedkeuring van 'n jaarlikse begroting of verpligte oorlegplegingsprosesse, moet die Uitvoerende Burgemeester die LUR vir finansies skriftelik van sodanige dreigende nie-voldoening in kennis stel.

Indien die dreigende nie-voldoening betrekking het op 'n tydsbepaling, kan die Uitvoerende Burgemeester die LUR vir finansies vra om enige tydsbeperking of afsnytyd te verleng.

Die Uitvoerende Burgemeester moet wanneer hy/sy bewus word van enige werklike nie-voldoening aan 'n bepaling van Hoofstuk 4, sonder versuim die raad, die LUR vir finansies en die NT skriftelik daarvan in kennis stel en enige remediërende of regstellende maatreëls wat die munisipaliteit beoog om te implementeer ten einde 'n herhaling te vermy, bekend maak.

14.6 *Munisipale aansuiweringsbegrotings* [a.28]

Die Uitvoerende Burgemeester kan 'n aansuiweringsbegroting in die munisipale raad ter tafel lê.

'n Aansuiweringsbegroting is nodig -

(a) wanneer daar 'n wesenlike onder-insameling van inkomste was en dit nodig is om die inkomste- en bestedingsprojeksies afwaarts aan te pas;

(b) om bykomende inkomstes wat beskikbaar geword te bewillig maar dan slegs ten einde bestedingsprogramme waarvoor alreeds begroot is, te hersien of te versnel;

(c) om onvoorsiene en onvermydelike besteding te magtig wat deur die burgemeester aanbeveel is;

(d) om die aanwending van geprojekteerde besparings in een begrotingspos vir besteding onder 'n ander begrotingspos te magtig;

(e) om besteding van fondse te magtig wat onbestee was teen die einde van die vorige finansiële jaar;

(f) om enige foute in die jaarlikse begroting reg te stel.

14.7 *Onvoorsiene en onvermydelike besteding* [a.29]

Die Uitvoerende Burgemeester kan tydens nood- of ander buitengewone omstandighede onvoorsiene en onvermydelike besteding magtig waarvoor daar nie in 'n goedgekeurde begroting voorsiening gemaak is nie.

Die Uitvoerende Burgemeester moet dit aan die raad tydens sy volgende sitting rapporteer en moet dit in 'n aansuiweringsbegroting bewillig.

14.8 *Verskuiwing van fondse tussen veeljarige bewilligings* [a.31]

Wanneer fondse vir 'n kapitaalprogram vir meer as een finansiële jaar bewillig word, mag bestedings vir daardie program gedurende 'n finansiële jaar die bedrag van daardie jaar se bewilliging vir daardie program oorskry, mits voorafgaande skriftelike goedkeuring vir die oorskryding van die burgemeester verkry is.

14.9 *Ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verkwiste bestedings* [a.32]

Die Uitvoerende Burgemeester is aanspreeklik vir 'n besluit wat hy/sy geneem het wat, indien dit uitgevoer word, waarskynlik 'n ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verkwiste besteding tot gevolg sou hê.

Die rekenpligtige beampte moet die Uitvoerende Burgemeester in kennis stel-

(a) van enige ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verkwiste besteding;

(b) of enige persoon verantwoordelik is vir, of onderhewig is aan 'n ondersoek aangaande, sodanige ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verkwiste besteding; en

(c) van die stappe wat gedoen is om sodanige besteding te verhaal of reg te stel en om 'n herhaling van sodanige besteding te voorkom.

15. Skuld

15.1 *Korttermynskuld* [a.45]

Die Uitvoerende Burgemeester moet die besluit van die munisipale raad waarin die skuldooreenkoms goedgekeur is, onderteken.

15.2 *Langtermynskuld* [a.46]

Die Uitvoerende Burgemeester moet die besluit van die munisipale raad waarin die skuldooreenkoms goedgekeur is, onderteken.

16. Algemene verantwoordelikhede ten opsigte van finansiële sake [a.52]

Die Uitvoerende Burgemeester-

(a) moet algemene politieke leiding verskaf oor die fiskale en finansiële sake van die munisipaliteit;

(b) kan die uitoefening van die verantwoordelikhede van die rekenpligtige beampte en hoof- finansiële beampte ingevolge die MFB moniteer en daaroor toesig hou, maar mag nie in die uitoefening inmeng nie;

(c) moet verseker dat die munisipaliteit sy grondwetlike en statutêre funksies binne die beperkinge van die goedgekeurde begroting verrig; en

(d) moet binne 30 dae na die einde van elke kwartaal 'n verslag aan die raad oor die implementering van die begroting en die stand van die finansiële sake van die munisipaliteit voorlê.

17. Begrotingsproses en verwante aangeleenthede [a.53]

Die Uitvoerende Burgemeester moet-

(a) algemene politieke leiding verskaf oor die begrotingsproses en die prioriteite wat rigting aan die opstel van 'n begroting moet gee;

(b) die jaarlikse hersiening van die GOP en die opstel van die jaarlikse begroting koördineer en bepaal hoe die GOP vir doeleindes van die begroting in aanmerking geneem of hersien moet word;

(c) alle redelike stappe doen om te verseker-

   (i) dat die munisipaliteit sy jaarlikse begroting betyds goedkeur;

   (ii) dat die DL+BI plan binne 28 dae na die goedkeuring van die begroting deur die burgemeester goedgekeur word; en

   (iii) dat die jaarlikse prestasie-ooreenkomste vir die Munisipale Bestuurder sowel as alle senior bestuurders aan die MFB voldoen,aan die meetbare prestasie-doelwitte en die DL+BI plan gekoppel is en ooreenkomstig artikel 57 (2) van die Stelselswet aangegaan is.

(d) enige vertraging in die tertafellegging van 'n jaarlikse begroting, die goedkeuring van die DL+BI plan of die ondertekening van die jaarlikse prestasie-ooreenkomste aan die munisipale raad en die LUR vir finansies rapporteer..

(e) verseker dat die inkomste- en bestedingsprojeksies vir elke maand en die diensleweringsteikens en prestasie-aanwysers vir elke kwartaal (volgens die DL+BI plan) teen nie later nie as 14 dae na die goedkeuring van die DL+BI plan openbaar gemaak word; en

(f) verseker dat die prestasie-ooreenkomste van die Munisipale Bestuurder en senior bestuurders teen nie later nie as 14 dae na die goedkeuring van die DL+BI plan openbaar gemaak word. Afskrifte van sodanige prestasie-ooreenkomste moet aan die raad en die LUR vir plaaslike regering in die provinsie voorgelê word.

18. <u>Begrotingsbeheer en vroeë identifisering van finansiële probleme [a.54]</u>

Die rekenpligtige beampte moet maandeliks en halfjaarliks 'n staat en verslag ingevolge artikel 71 of 72 van die MFB aan die Uitvoerende Burgemeester voorlê.

Die Uitvoerende Burgemeester moet by ontvangs daarvan–

(a) die staat of verslag oorweeg;

(b) bepaal of die begroting ooreenkomstig die DL+BI plan geïmplementeer word;

(c) die DL+BI plan oorweeg en, indien nodig, wysigings daaraan aanbring;

(d) gepaste instruksies aan die rekenpligtige beampte uitreik om te verseker-

(i) dat die begroting ooreenkomstig die DL+BI plan geïmplementeer word; en

(ii) dat besteding van fondse en insameling van inkomste ooreenkomstig die begroting geskied;

(e) enige finansiële probleme identifiseer wat die munisipaliteit konfronteer, met inbegrip van enige naderende of dreigende finansiële probleme; en

(f) in geval van die artikel 72-verslag, die verslag teen 31 Januarie van elke jaar aan die raad voorlê.

Die Uitvoerende Burgemeester moet, indien die munisipaliteit met enige ernstige finansiële probleme gekonfronteer word-

(a) onverwyld reageer op enige remediërende of regstellende stappe wat deur die rekenpligtige beampte voorgestel word om met sodanige probleme te handel, en sodanige stappe onverwyld in werking stel.

(b) sodanige probleme onder die aandag van die raad en die LUR vir plaaslike regering bring.

Die Uitvoerende Burgemeester moet verseker dat enige wysigings van die DL+BI plan openbaar gemaak word.

19. <u>Doen verslag aan die provinsiale gesag as daar rede is vir ingryping [a.55]</u>

Die Uitvoerende Burgemeester moet, as 'n begroting nie teen die eerste dag van die begrotingsjaar aanvaar is nie of as die die munisipaliteit ernstige finansiële probleme (waarna in artikel 136 verwys word) ervaar, onmiddelik die die LUR aldus inlig en voorstelle maak oor gepaste ingrypingsaksies ingevolge artikel 139 van die grondwet.

20. <u>Beheer oor munisipale entiteite [a.56]</u>

Die Burgemeester moet leiding aan die munisipaliteit gee by die uitoefening van die munisipaliteit se regte en bevoegdhede oor die

munisipale entiteit (waarvan dit alleen- of gedeelde beheer het ) op 'n wyse wat–

(a) sal verseker dat die munisipale entiteit aan die MFB voldoen en te alle tye aan die munisipaliteit verantwoordbaar bly; en

(b) nie die entiteit in die verrigting van sy bedryfspligte sal strem nie.

Die Uitvoerende Burgemeester kan by die uitoefening van die munisipaliteit se regte en bevoegdhede die bedryfsfunksies van die entiteit moniteer, maar mag nie met die verrigting van daardie funksies inmeng nie.

21. <u>Ten opsigte van Rekenpligtige beampte se verantwoordelikhede</u>

21.1 *Fidusiêre verantwoordelikhede van rekenpligtige beamptes* [a. 61]

Die Uitvoerende Burgemeester het die reg om van die rekenpligtige beampte te vereis dat alle wesenlike feite wat tot sy/haar beskikking is of wat redelikerwys vasstelbaar is, en wat op enige wyse die besluite of aksies van die Uitvoerende Burgemeester mag beïnvloed, aan die Uitvoerende Burgemeester bekend te maak.

21.2 *Implementering van begroting* [a. 69]

Die Uitvoerende Burgemeester moet, wanneer die rekenpligtige beampte 'n aansuiweringsbegroting opstel, dit oorweeg en vir tertafellegging in die raad voorlê.

Die rekenpligtige beampte moet nie later nie as 14 dae na die goedkeuring van 'n jaarlikse begroting aan die Uitvoerende Burgemeester-

(a) 'n konsep DL+BI plan vir die begrotingsjaar voorlê; en

(b) konsepte voorlê van die jaarlikse prestasie-ooreenkomste van die Munisipale Bestuurder en alle senior bestuurders.

21.3 *Maandelikse begrotingstate* [a.71]

Die rekenpligtige beampte moet teen nie later nie as 10 werksdae na die einde van elke maand aan die Uitvoerende Burgemeester 'n staat voorlê oor die stand van die munisipaliteit se begroting, wat 'n verskeidenheid van besonderhede vir daardie maand en vir die finansiële jaar tot en met die einde van daardie maand moet aantoon.

21.4 *Halfjaarlikse begrotings- en prestasie-evaluasie* [a.72]

Die rekenpligtige beampte moet teen 25 Januarie van elke jaar die prestasie van die munisipaliteit gedurende die eerste helfte

van die finansiële jaar evalueer en 'n verslag oor sodanige evaluasie aan die Uitvoerende Burgemeester voorlê.

21.5 *Algemene verpligting om verslag te doen* [a.74]

Indien die rekenpligtige beampte nie in staat is om aan enige van die verantwoordelikhede ingevolge hierdie Wet te voldoen nie, moet hy of sy onverwyld die onvermoë, saam met redes, aan die Uitvoerende Burgemeester en die provinsiale tesourie rapporteer.

22. Finansiële Verslagdoening en Ouditering

22.1 *Voorlegging en tertafellegging van jaarverslae* [a.127]

Die Uitvoerende Burgemeester moet, binne sewe maande na die einde van 'n finansiële jaar, die jaarverslag van die munisipaliteit en van enige munisipale entiteit onder die munisipaliteit se alleen- of gedeelde beheer in die munisipale raad ter tafel lê.

22.2 *Kwessies deur Ouditeur-generaal in ouditverslae geopper* [a.131]

Die Burgemeester moet toesien dat die munisipaliteit enige kwessies aanspreek wat deur die Ouditeur-generaal in 'n ouditverslag geopper is.

22.3 *Gevolge van nie-voldoening aan sekere bepalings* [a.133]

Indien die rekenpligtige beampte versuim om finansiële state aan die Ouditeur-generaal voor te lê, of indien die Uitvoerende Burgemeester versuim om die jaarverslag van die munisipaliteit in die raad ter tafel te lê moet die Uitvoerende Burgemeester onverwyld 'n skriftelike verduideliking wat die redes vir die versuim vermeld, in die raad ter tafel lê.

23. Provinsiale Ingrypings

23.1 *Soorte provinsiale ingrypings* [a.136]

Indien dit onder die LUR vir plaaslike regering se aandag kom dat daar 'n ernstige finansiële probleem in die munisipaliteit bestaan, moet die LUR onverwyld die Uitvoerende Burgemeester raadpleeg om die feite vas te stel.

23.2 *Diskresionêre provinsiale ingrypings* [a.137]

Indien provinsiale uitvoerende gesag besluit om ingevolge artikel 136 (2) van die MFB in te gryp, kan dit die Uitvoerende Burgemeester raadpleeg ten einde die munisipaliteit se samewerking m.b.t. die oplossing van die finansiële probleem, en indien toepaslik, die implementering van die finansiële herstelplan, te bekom.

23.3 *Verpligte provinsiale ingrypings voortspruitend uit finansiële krisisse* [a.139]

Indien die munisipaliteit, as gevolg van 'n krisis in sy finansiële sake, in ernstige of volgehoue wesenlike verbreking van sy verpligtinge is om basiese dienste te verskaf of om sy finansiële verbintenisse na te kom, of erken het dat hy nie sy verpligtinge of finansiële verbintenisse kan nakom nie, moet die provinsiale uitvoerende gesag onverwyld die Uitvoerende Burgemeester raadpleeg ten einde die munisipaliteit se samewerking te bekom m.b.t. die implementering van die herstelplan, asook die goedkeuring van 'n begroting en wetgewende maatreëls wat aan die herstelplan uitvoering sal gee.

24. Finansiële wangedrag

24.1 *Finansiële wangedrag deur munisipale beamptes* [a.171]

Indien die rekenpligtige beampte opsetlik of nalatiglik verkeerde of misleidende inligting verskaf in enige dokument wat ingevolge 'n vereiste van die MFB aan die burgemeester voorgelê moet word, pleeg hy/sy 'n daad van finansiële wangedrag en moet die Uitvoerende Burgemeester dienooreenkomstig optree.

24.2 *Oortredings* [a.173]

Indien 'n raadslid, 'n beampte of enige ander persoon opsetlik of op 'n grof nalatige wyse vals of misleidende inligting verskaf vir doeleindes van enige dokument wat ingevolge 'n vereiste van die MFB aan die burgemeester voorgelê moet word, is hy/sy aan 'n misdryf skuldig en moet die Uitvoerende Burgemeester dienooreenkomstig optree.

25. Die Uitvoerende Burgemeester reguleer komitees wat hom/haar bystaan

'n Munisipale raad kan komitees van raadslede aanstel om die Uitvoerende Burgemeester by te staan. Sulke komitees moet aan die Uitvoerende Burgemeester ooreenkomstig sy/haar voorskrifte verslag doen.

Die Uitvoerende Burgemeester stel 'n voorsitter vir elke komitee vanuit die burgemeesterskomitee aan, en kan enige van die bevoegdhede en pligte van Uitvoerende Burgemeester aan die komitee delegeer.

Die Uitvoerende Burgemeester word nie van sy verantwoordelikheid onthef betreffende die uitoefening van die bevoegdheid of die verrigting van die plig nie en kan selfs enige besluit deur die komitee geneem, wysig of herroep behoudens enige gevestigde regte.

26. Die Uitvoerende Burgemeester is die ontvanger van gedelegeerde bevoegdhede

Die Uitvoerende Burgemeester verrig die pligte en oefen die bevoegdhede uit wat die raad aan die Uitvoerende Burgemeester mag delegeer. Die munisipale raad mag egter besluit dat sodanige bevoegdhede en funksies van die Uitvoerende Burgemeester soos

deur die munisipale raad aangewys, deur die Uitvoerende Burgemeester saam met die ander lede van die burgemeesterskomitee uitgeoefen en verrig moet word.

Die bevoegdhede wat die munisipale raad aan die Uitvoerende Burgemeester delegeer het verskyn in die delegasie dokument.

## 2.4 DIE UITVOERENDE ONDERBURGEMEESTER

Die Bergrivier Munisipaliteit mag volgens die Strukture Wet 'n Uitvoerende Onderburgemeester aanwys.
*Verantwoordelikheidsgebied*

Die verantwoordelikheidsgebied van die Uitvoerende Onderburgemeester is geografies beperk tot die geografiese jurisdiksie gebied van die munisipaliteit

Die Uitvoerende Onderburgemeester beskik nie oor enige statutêre magte nie.

*Magte en Pligte*

Die Uitvoerende Onderburgemeester oefen die bevoegdhede uit en voer die pligte uit van die Uitvoerende Burgemeester indien die Uitvoerende Burgemeester afwesig is of nie beskikbaar is nie, of indien die amp van Uitvoerende Burgemeester vakant is.

Die Uitvoerende Onderburgemeester vervul ook 'n belangrike rol as lid van die burgemeesterskomitee, byvoorbeeld:

- die Uitvoerende Burgemeester kan spesifieke verantwoordelikhede aan die Uitvoerende Onderburgemeester delegeer;
- die Uitvoerende Burgemeester kan enige van sy/haar bevoegdhede aan die Uitvoerende Onderburgemeester delegeer; en
- die Uitvoerende Onderburgemeester moet, as lid van die burgemeesterskomitee, saam met die ander lede van die komitee, die Uitvoerende Burgemeester bystaan in die uitoefening of verrigting van sy/haar magte of funksies.

Die rol van die Uitvoerende Onderburgemeester is andersins identies aan die van die Uitvoerende Burgemeester, wanneer hy/sy tydens die afwesigheid van die Uitvoerende Burgemeester waarneem.

Die bevoegdhede en pligte wat die munisipale raad aan die Uitvoerende Onderburgemeester delegeer het verskyn in die delegasie dokument.

Die bevoegdhede en pligte wat die Uitvoerende Burgemeester aan die Uitvoerende Onderburgemeester delegeer het verskyn in die delegasie dokument.

## 2.5 DIE BURGEMEESTERSKOMITEE

Die lede van die burgemeesterskomitee (uitgesonderd die Uitvoerende Onderburgemeester) word deur die Uitvoerende Burgemeester uit die geledere van raadslede verkies. Die Uitvoerende Onderburgemeester word deur die raad verkies en is *ex officio* lid van die burgemeesterskomitee. Die bevoegdheid om 'n lid van die burgemeesterskomitee (uitgesonderd die Uitvoerende Onder-burgemeester) te ontslaan berus ook by die Uitvoerende Burgemeester.

*Verantwoordelikheidsgebied*

Die geografiese verantwoordelikheidsgebied van die die burgemeesters-komitee is beperk tot die geografiese jurisdiksie gebied van die munisipaliteit. Die funksionele verantwoordelikheidsgebied van die die burgemeesters-komitee is gekoppel aan dié van die Uitvoerende Burgemeester in die mate dat die Uitvoerende Burgemeester saam met die lede van die burgemeesters-komitee moet handel.

*Magte en Pligte*

Die burgemeesterskomitee val nie binne die omskrywing van 'politieke struktuur' nie en die raad kan dus nie bevoegdhede daaraan ingevolge artikel 59 van die stelselswet delegeer nie.

Die burgemeesterskomitee is ook nie 'n komitee van die raad nie en dit beteken dat die samestelling nie die party politieke verteenwoordiging in die raad hoef te reflekteer nie; aldus die grondwetlike hof in *DA v Amos Masondo 2002 JOL 10476 (CC).*

Volgens die Grondwethof is die primêre taak van die burgemeesterskomitee om die Uitvoerende Burgemeester by te staan in die uitoefening van sy/haar magte; dit is inderwaarheid 'n 'verlengstuk van die amp van Uitvoerende Burgemeester'.

Die burgemeesterskomitee het op sy eie geen mag nie; dit is hoofsaaklik 'n instrument om die Uitvoerende Burgemeester by te staan, hom/haar van advies te bedien en ten opsigte van 'aangewysde magte' besluite saam met die Uitvoerende Burgemeester te neem. Die besluitneming is en bly die van die Uitvoerende Burgemeester.

Individuele lede mag egter oor gedelegeerde bevoegdhede beskik. Die Uitvoerende Burgemeester mag-

- spesifieke verantwoordelikhede aan 'n lid delegeer;
- enige van die Uitvoerende Burgemeester se bevoegdhede aan 'n lid delegeer.

Die bevoegdhede en pligte wat die Uitvoerende Burgemeester aan die individuele lede van die burgemeesterskomitee delegeer het verskyn in die delegasie dokument.

## 2.6 DIE MUNISIPALE RAADSLID

Die munisipale raad van die Bergrivier Munisipaliteit bestaan uit–

(a) raadslede wat verkies is om die partye wat die verkiesing in Bergrivier bestry het, per wyk te verteenwoordig;

(b) raadslede wat verkies is om die partye in Bergrivier proporsioneel te verteenwoordig.

'n Politieke ampsbekleër of lid van 'n politieke struktuur is in die eerste plek 'n raadslid en moet daardie rol vervul bo enige ander wat hy/sy mag hê.

Die individuele raadslid het geen magte nie; sy/haar krag lê in die verbintenis met mede-raadslede, met ander woorde as 'n kollektiewe liggaam. As sulks het raadslede wye magte wat gewoonlik uitgeoefen word in die vorm van besluite geneem deur die meerderheid lede. Die belangrikste rol van die individuele raadslid is gevolglik dié van lid van die munisipale raad.

*Verantwoordelikheidsgebied van die munisipale raad*

Raadslede se geografiese verantwoordelikheidsgebied is dieselfde as dié van die munisipale raad met ander woorde beperk tot die munisipale gebied wat ingevolge die *Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakening*, 1998 (Wet No. 27 van 1998), bepaal is.

Die funksionele verantwoordelikheidsgebied van die munisipale raadslid strek ewe-eens sover as die omvang van plaaslike owerheidsaangeleenthede waaroor die munisipale raad mag beskik.

*Magte en Pligte*

1. 'n Raadslid moet deelneem aan die besluitnemingsproses

   'n Raadslid het die reg om te kan deelneem aan besprekings en besluitneming tydens vergaderings van die munisipale raad en politieke strukture waarop hy/sy dien.

   'n Raadslid het die reg om volledig ingelig te word oor en kennis te kry van die sake wat die munisipale raad of politieke struktuur moet oorweeg, sodat hy/sy voorbereid daaroor kan debateer en 'n gepaste waarde-oordeel kan maak.

2. 'n Raadslid moet vergaderings bywoon

   'n Raadslid het die reg en moet vergaderings van die munisipale raad en die politieke strukture waarop hy/sy dien getrou bywoon. Afwesigheid van hierdie vergaderings of versuim om teenwoordig te bly is 'n oortreding van die Gedragskode.

3. 'n Raadslid moet volgens die gedragskode handel

   Verskeie reëls van die Gedragskode vereis dat raadslede 'n sekere standaard van gedrag sal handhaaf.

4. 'n Raadslid het die reg op toegang tot inligting

   'n Raadslid het die reg om dokumente in besit van die munisipaliteit te besigtig. Hierdie reg is egter nie onbeperk nie; die raadslid mag toegang tot inligting verkry slegs tot die mate wat toegang redelik nodig is om sy/haar pligte as raadslid uit te voer.

   Ongemagtigde toegang en openbaarmaking van enige geprivilegieerde of vertroulike inligting is nie net 'n oortreding van die kode nie, maar kan ook oortree op die gebied van die Munisipale Bestuurder in

sy/haar hoedanigheid as Inligtingsbeampte ingevolge die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting.

5. 'n Raadslid mag nie in die administrasie inmenging nie

Volgens die gedragskode mag 'n raadslid nie, behalwe soos by wet bepaal-

(a) in die bestuur of administrasie van 'n departement inmeng nie, tensy deur die raad daartoe gemagtig;

(b) 'n opdrag aan 'n werknemer gee, of voorgee om te gee nie, behalwe wanneer gemagtig om dit te doen;

(c) die implementering van 'n besluit van die raad of 'n komitee deur 'n werknemer verhinder of probeer verhinder nie; of

(d) enige optrede wat wanadministrasie sal veroorsaak of daartoe bydra, aanmoedig of daaraan deelneem nie.

6. 'n Raadslid moet plaaslike demokrasie bevorder

Munisipale rade speel 'n kritieke rol in die bevordering van plaaslike demokrasie.

'n Raadslid moet nie net die gemeenskap se belange in die raad verteenwoordig nie, maar ook aktief die betrokkenheid van inwoners en gemeenskapsgroepe in die opstel en beoefening van munisipale programme bevorder. 'n Raadslid moet ook 'n bewustheid van menseregte aangeleenthede skep en grondwetlike waardes en beginsels bevorder.

'n Raadslid is verantwoordbaar aan plaaslike gemeenskappe en moet ten minste kwartaalliks aan hulle verslag doen oor raadsaangeleenthede, insluitende die prestasie van die munisipaliteit ooreenkomstig die ingestelde aanwysers.

## 2.7 DIE MUNISIPALE BESTUURDER

Die Strukture Wet vereis dat die raad van die Bergrivier Munisipaliteit 'n persoon as Munisipale Bestuurder moet aanstel. Die Munisipale Bestuurder is volgens regswerking outomaties die hoof van die administrasie en ook die rekenpligtige beampte. So 'n persoon moet voorts oor die nodige vaardighede en kundigheid beskik om die pligte verbonde aan daardie pos te verrig.

*Verantwoordelikheidsgebied*

Die verantwoordelikheidsgebied van die Munisipale Bestuurder is geografies beperk tot die geografiese jurisdiksiegebied van die munisipaliteit. Vanweë die munisipaliteit se betrokkenheid by samewerkende regering strek die Munisipale Bestuurder se invloed, soos die van Uitvoerende Burgemeester, egter veel wyer, soos byvoorbeeld die aktiwiteite van strukture om met provinsie te skakel (byvoorbeeld Minmay, Munisipale Bestuurdersforum, ensovoorts), Salga, institute ensovoorts.

Die Munisipale Bestuurder beskik oor wye statutêre en gedelegeerde magte en pligte, asook magte en pligte wat van sodanige statuêre en gedelegeerde magte en pligte afgelei kan word.

*Magte en Pligte*

Die Munisipale Bestuurder moet 'n baie bevoegde persoon wees en moet uiteraard oor voldoende magte beskik om die munisipaliteit se doelwitte te bereik asook om sy/haar kontraktuele prestasie verpligtinge na te kom.

1. <u>Die Munisipale Bestuurder is die hoof van die administrasie</u>

Die Munisipale Bestuurder is die hoof van die administrasie en, behoudens die beleidsaanwysings van die munisipale raad, verantwoordelik en verantwoordbaar vir 'n verskeidenheid van pligte en funksies.

1.1 *Skep 'n administrasie*

Die Munisipale Bestuurder is verantwoordelik vir die totstandkoming en ontwikkeling van 'n ekonomiese, effektiewe en verantwoordbare administrasie wat-

- toegerus is om die taak van die implementering van die GOP uit te voer;
- ooreenkomstig die prestasiebestuurstelsel optree; en
- gehoor gee aan die behoeftes van die plaaslike gemeenskap om aan die sake van die munisipaliteit deel te neem.

**1.2** *Bestuur die administrasie*

Die Munisipale Bestuurder moet die administrasie ooreenkomstig die Stelselswet en ander wetgewing wat op die munisipaliteit van toepassing is, bestuur.

Die Munisipale Bestuurder moet toesien dat die administrasie doeltreffend funksioneer, dat die bestuurstruktuur in staat is om die opgelegde take uit te voer en moet die nodige beheermaatreëls toepas.

Die Munisipale Bestuurder vervul die rol van leier van die administrasie; om die handelinge van amptenare te beïnvloed en om hulle te inspireer en te oortuig om saam te werk ter bereiking van die munisipaliteit se doelstellings.

Die Munisipale Bestuurder moet die Uitvoerende Burgemeester toelaat om die bestuur van die administrasie, ooreenkomstig die beleidsvoorskrifte van die munisipale raad te moniteer.

1.3 *Implementeer die geïntegreerde ontwikkelingsplan*

Die Munisipale Bestuurder is verantwoordelik vir die implementering van die GOP en die monitering van vordering met implementering van die plan.

Die Munisipale Bestuurder moet die Uitvoerende Burgemeester toelaat om vordering met die implementering

van die strategieë, programme en dienste, wat gemik is op die verwesenliking van die voorkeurbehoeftes d.m.v. die GOP te evalueer.

1.4 *Bestuur diensverskaffing*

Die Munisipale Bestuurder moet diensverskaffing aan die plaaslike gemeenskap op 'n volhoubare en billike wyse bestuur en die Uitvoerende Burgemeester toelaat om toesig te hou oor die voorsiening van dienste aan gemeenskappe op 'n volhoubare wyse.

1.5 *Stel personeel aan*

Die Munisipale Bestuurder is ingevolge die delegasies gemagtig om alle personeel aan te stel, behalwe dié bestuurders wat regstreeks aan die Munisipale Bestuurder verantwoordbaar is. Die bevoegdheid moet egter uitgeoefen word behoudens die "Employment Equity Act, 1998".

Die aanstelling van bestuurders wat regstreeks aan die Munisipale Bestuurder verantwoordbaar is, is 'n funksie van die munisipale raad, dog die Munisipale Bestuurder moet daaroor geraadpleeg word.

Die Munisipale Bestuurder moet ook, binne 'n beleidsraamwerk wat deur die munisipale raad bepaal word en in ooreenstemming met toepaslike wetgewing-

- 'n posbeskrywing vir elke pos op die diensstaat voorsien;
- die besoldiging en ander diensvoorwaardes vir dié poste bepaal soos ooreenkomstig enige toepaslike arbeidswetgewing bepaal mag word; en
- 'n proses of meganisme instel om gereeld die diensstaat te evalueer en, indien nodig, die diensstaat en die besoldiging en diensvoorwaardes te hersien.

Die Munisipale Bestuurder is verder verantwoordelik vir-

- die bestuur, effektiewe gebruik en opleiding van personeel;
- die handhawing van personeeldissipline;
- die bevordering van gesonde arbeidsverhoudinge en nakoming deur die munisipaliteit van toepaslike arbeidswetgewing.

Die Munisipale Bestuurder moet ook toesien dat die gedragskode vir personeel aan personeel bekend gemaak word en dat hul gedrag in ooreenstemming daarmee is.

1.6 *Adviseer die politieke strukture en politieke ampsbekleërs*

Die Munisipale Bestuurder is die munisipaliteit se hoofadviseur en moet die politieke strukture en politieke ampsbekleërs met advies bedien. Die Munisipale Bestuurder moet gevolglik omsien dat daar bekwame personeel in diens gestel is om met die taak te help.

1.7 *Bestuur mededelings*

Die Munisipale Bestuurder is verantwoordelik vir die bestuur van mededelings tussen die munisipaliteit se administrasie en sy politieke strukture en politieke ampsbekleërs.

1.8 *Implementeer besluite van politieke strukture en politieke ampsbekleërs*

Die Munisipale Bestuurder moet toesien dat die besluite van die politieke strukture en politieke ampsbekleërs uitgevoer word. Die Munisipale Bestuurder mag personeel gebruik om dit te doen en moet toesien dat hulle oor die nodige gedelegeerde magte beskik.

1.9 *Administreer en implementeer verordeninge en ander wette*

Die Munisipale Bestuurder is verantwoordelik vir die administrasie en implementering van die munisipaliteit se verordeninge en ander wetgewing en nasionale en provinsiale wetgewing wat op die munisipaliteit van toepassing is.

Die Munisipale Bestuurder moet die Uitvoerende Burgemeester toelaat om die prestasie van die munisipaliteit te hersien ten einde die toepassing van die munisipaliteit se verordeninge te verbeter.

1.10 *Fasiliteer gemeenskapsdeelname*

Die Munisipale Bestuurder moet deelname deur die plaaslike gemeenskap in die sake van die munisipaliteit fasiliteer en 'n stelsel waardeur gemeenskaps-tevredenheid met munisipale dienste bepaal word, ontwikkel en in stand hou.

Die Munisipale Bestuurder moet die Uitvoerende Burgemeester bystaan in sy/haar plig om–

- jaarliks verslag te doen oor die betrokkenheid van gemeenskappe en gemeenskapsorganisasies in die sake van die munisipaliteit; en
- te verseker dat oorweging gegee word aan openbare sienings, en verslag te doen oor die uitwerking van oorlegpleging oor die besluite van die raad.

2. Finansiële verantwoordelikhede

Die finansiële verantwoordelikhede van die Munisipale Bestuurder wat hierna gemeld word, word ontleen aan die MFB en die aangehaalde artikels verwys na dié wet.

2.1 *Primêre bankrekenings* [Artikel 8]

Moet die naam van die bank waar die primêre bankrekening van die munisipaliteit geopen is, en die tipe en nommer van die rekening, skriftelik aan die NT, PT en die O-G verstrek.

Moet, indien die munisipaliteit sy primêre bankrekening wil verander, die NT en die O-G ten minste 30 dae voordat die wysiging gedoen word, skriftelik daarvan in kennis te stel.

2.2 *Bankrekeningbesonderhede verstrek te word aan PT en O-G* [Artikel 9]

Moet binne 90 dae nadat die munisipaliteit 'n nuwe bankrekening geopen het, die PT en die O-G skriftelik in kennis stel van die naam van die bank waar die rekening geopen is en die tipe en nommer van die rekening.

Moet die PT en die O-G skriftelik jaarliks in kennis stel, voor die aanvang van 'n finansiële jaar, van die naam van elke bank waar die munisipaliteit 'n bankrekening het, en die tipe en nommer van elke rekening.

2.3 *Beheer oor munisipale bankrekenings* [Artikel 10]

Moet al die munisipaliteit se bankrekenings bestuur.

Moet verantwoording doen aan die munisipale raad vir die munisipaliteit se bankrekenings.

2.4 *Onttrekkings uit munisipale bankrekenings* [Artikel 11]

Mag geld onttrek uit enige van die munisipaliteit se bankrekenings.

Mag enige ander senior beampte van die munisipaliteit skriftelik magtig om geld te onttrek uit enige van die munisipaliteit se bankrekenings.

Mag die hoof- finansiële beampte magtig om geld te onttrek, of die onttrekking van geld te magtig, uit die munisipaliteit se primêre bankrekening, indien die munisipaliteit 'n primêre bankrekening het wat afsonderlik van sy ander bankrekenings is.

Moet binne 30 dae na die einde van elke kwartaal 'n gekonsolideerde verslag in die munisipale raad ter tafel lê van alle onttrekkings gedurende daardie kwartaal gedoen.

Moet binne 30 dae na die einde van elke kwartaal 'n afskrif van die verslag aan die betrokke PT en die O-G voorlê.

2.5 *Noodlenigings-, liefdadigheids-, trust- of ander fondse* [Artikel 12(1)]

Tree op as die rekenpligtige beampte van enige noodlenigings-, liefdadigheids-, trust- of ander fonds van watter soort ook al wat deur 'n politieke struktuur of politieke ampsdraer van 'n munisipaliteit gestig is.

Mag geld onttrek of magtiging verleen vir die onttrekking van geld, uit die rekening van 'n noodlenigings-, liefdadigheids-, trust- of ander fondse.

2.6 *Beskikking oor kapitale bates* [Artikel 14(4)]

Mag beskik oor roerende kapitale bates (waarvan die waarde deur die raad vasgestel is)–

(a) indien die bate nie benodig word vir die verskaffing van die minimum vlak van basiese munisipale dienste nie;

(b) na oorweging van die billike markwaarde van die bate en die ekonomiese- en gemeenskapswaarde wat in ruil daarvoor ontvang staan te word; en

(c) deur Munisipale raad aan die rekenpligtige beampte gedelegeer.

2.7 *Bekendmaking van jaarlikse begrotings* [Artikel 22]

Moet sodra `n jaarlikse begroting in die munisipale raad ter tafel gelê is, dit en die voorgeskrewe dokumente openbaar maak en die plaaslike gemeenskap uitnooi om vertoë in verband met die begroting voor te lê.

Moet sodra `n jaarlikse begroting in 'n munisipale raad ter tafel gelê is, die jaarlikse begroting aan die NT, PT en enige voorgeskrewe nasionale of provinsiale staatsorgane en aan ander munisipaliteite wat deur die begroting geraak word, voorlê.

2.8 *Goedkeuring van jaarlikse begrotings* [Artikel 24(3)]

Moet die goedgekeurde jaarlikse begroting aan die NT en die PT voorlê.

2.9 *Ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verkwiste bestedings* [Artikel 32]

Moet 'n politieke ampsdraer van die munisipaliteit adviseer dat `n besteding waarskynlik sal neerkom op ongemagtigde besteding.

Moet die raad, die burgemeester, na gelang van wat toepaslik mag wees, inlig dat 'n besluit wat geneem is en wat, indien dit

uitgevoer word, waarskynlik 'n ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verkwiste besteding tot gevolg sou hê.

Moet onverwyld die burgemeester, die LUR vir plaaslike regering en die O-G skriftelik in kennis stel-

(a) van enige ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verkwiste besteding deur die munisipaliteit aangegaan;

(b) of enige persoon verantwoordelik is vir, of onderhewig is aan 'n ondersoek aangaande, sodanige ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verkwiste besteding; en

(c) van die stappe wat gedoen is -

(i) om sodanige besteding te verhaal of reg te stel; en

(ii) om 'n herhaling van sodanige besteding te voorkom.

Moet by die Suid-Afrikaanse Polisiediens alle gevalle aanmeld van-

(a) onreëlmatige besteding wat 'n strafregtelike oortreding daarstel; en

(b) diefstal en bedrog wat in die munisipaliteit voorgekom het.

2.10 *Korttermynskuld* [Artikel 45]

Moet die ooreenkoms of ander dokument wat korttermynskuld skep of erken, onderteken.

Moet die raad so gou prakties moontlik skriftelik in kennis stel van die bedrag, tydsduur en koste van enige skuld ingevolge `n kredietfasiliteit aangegaan met 'n uitlener vir 'n korttermyn kredietfasiliteit, sowel as van opsies vir die terugbetaling van sodanige skuld.

2.11 *Langtermynskuld* [Artikel 46]

Moet die ooreenkoms of ander dokument wat `n langtermynskuld skep of erken, onderteken.

Moet ooreenkomstig artikel 21A van die Stelselswet-

(i) ten minste 14 dae voor die vergadering van die raad waarop goedkeuring vir langtermynskuld oorweeg staan te word, 'n inligtingstaat openbaar maak wat besonderhede van die voorgestelde skuld uiteensit, met inbegrip van die bedrag van die voorgestelde skuld, die doeleindes waarvoor die skuld aangegaan word en besonderhede van enige sekuriteit wat verskaf moet word.

(ii) die publiek, die NT en die PT uitnooi om skriftelike kommentaar of vertoë met betrekking tot die voorgestelde langtermynskuld aan die raad voor te lê.

Moet ten minste 21 dae voor die vergadering van die raad waarop die langtermynskuld oorweeg word, 'n afskrif van die inligtingstaat aan die munisipale raad voorlê, saam met besonderhede van-

(i) die wesenlike terugbetalingsbepalings, met inbegrip van die verwagte skuldterugbetalingsrooster; en

(ii) die verwagte totale koste verbonde aan sodanige skuld oor die terugbetalingsperiode heen.

2.12 *Begrotingsbeheer en vroeë identifisering van finansiële probleme* [Artikel 54(2)]

Moet remediërende of regstellende stappe voorstel as ernstige finansiële probleme die munisipaliteit konfronteer, onder andere-

(i) stappe om besteding te besnoei wanneer daar verwag word dat inkomste minder sal wees as wat in die munisipaliteit se goedgekeurde begroting geprojekteer is;

(ii) die tertafellegging van 'n aansuiweringsbegroting; of

(iii) stappe ingevolge Hoofstuk 13.

2.13 *Munisipale Bestuurders moet rekenpligtige beamptes wees* [Artikel 60(b)]

Moet leiding en advies met betrekking tot voldoening aan die Wet gee aan-

(i) die politieke strukture, politieke ampsdraers en beamptes van die munisipaliteit; en

(ii) enige munisipale entiteit onder die alleen- of gedeelde beheer van die munisipaliteit.

2.14 *Fidusiêre verantwoordelikhede van rekenpligtige beamptes* [Artikel 61(1)]

Moet by die bestuur van die munisipaliteit se finansiële sake met betroubaarheid, eerlikheid, integriteit en in die beste belang van die munisipaliteit optree.

Moet alle wesenlike feite wat tot sy/haar beskikking of wat redelikerwys vasstelbaar is, en wat op enige wyse die besluite of aksies van die raad of die burgemeester mag beïnvloed, aan die munisipale raad en die burgemeester bekendmaak.

Moet poog om, binne sy/haar invloedsfeer, enige nadeel vir die finansiële belange van die munisipaliteit te verhoed.

2.15 *Algemene finansiële bestuursfunksies* [Artikel 62]

Is verantwoordelik vir die bestuur van die finansiële administrasie van die munisipaliteit, en moet vir hierdie doel alle redelike stappe doen om te verseker-

(a) dat die hulpbronne van die munisipaliteit effektief, doeltreffend en ekonomies gebruik word;

(b) dat volledige en behoorlike rekord van die finansiële sake van die munisipaliteit ooreenkomstig enige voorgeskrewe norme en standaarde gehou word;

(c) dat die munisipaliteit effektiewe, doeltreffende en deursigtige stelsels het en in stand hou betreffende -

(i) finansiële en risikobestuur en interne beheer; en

(ii) interne oudit wat ooreenkomstig enige voorgeskrewe norme en standaarde bedryf word;

(d) dat ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verkwiste bestedings, asook ander verliese, voorkom word; en

(e) dat dissiplinêre of, wanneer gepas, strafregtelike verrigtinge ingestel word teen enige beampte van die munisipaliteit wat na bewering 'n daad van finansiële wangedrag of 'n oortreding ingevolge Hoofstuk 15 begaan het; en

(f) dat die munisipaliteit beskik oor en in stand hou-

(i) 'n tariefbeleid in artikel 74 van die Wet op Munisipale Stelsels bedoel;

(ii) 'n eiendomsbelastingbeleid wat ingevolge enige toepaslike nasionale wetgewing vereis mag word;

(iii) 'n kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid in artikel 96 (b) van die Wet op Munisipale Stelsels bedoel; en

(iv) 'n Voorsieningskanaalbestuursbeleid ooreenkomstig Hoofstuk 11.

Is verantwoordelik vir, en moet rekenskap te gee van, alle bankrekenings van die munisipaliteit, met inbegrip van enige bankrekening geopen vir-

(a) enige noodlenigings-, liefdadigheids-, trust- of ander fonds wat ingevolge artikel 12 deur die munisipaliteit ingestel is; of

(b) 'n doel in artikel 48 (2) (d) beoog.

2.16 *Bestuur van bates en laste* [Artikel 63(1)]

Is verantwoordelik vir die bestuur van die bates van die munisipaliteit, met inbegrip van die beveiliging en instandhouding van daardie bates.

Is verantwoordelik vir die bestuur van die laste van die munisipaliteit.

Moet verseker dat die munisipaliteit 'n bestuurs-, rekenkundige en inligtingstelsel het wat rekenskap gee van die bates en laste van die munisipaliteit, en dit instand hou.

Moet verseker dat die munisipaliteit se bates en laste gewaardeer word ooreenkomstig standaarde van algemeen erkende rekenkundige praktyk.

Moet verseker dat die munisipaliteit beskik oor en die instandhouding behartig van 'n stelsel van interne beheer oor bates en laste, met inbegrip van 'n register van bates en laste, soos wat voorgeskryf mag word.

2.17 *Bestuur van inkomste* [Artikel 64]

Is verantwoordelik vir die bestuur van inkomste van die munisipaliteit en moet verseker-

(a) dat die munisipaliteit beskik oor effektiewe inkomsteinsamelingstelsels wat bestaanbaar is met artikel 95 van die Stelselswet en die munisipaliteit se kredietbeheer- en invorderingsbeleid;

(b) dat inkomste wat aan die munisipaliteit verskuldig is, op 'n maandelikse basis bereken word;

(c) dat rekeninge vir munisipale belasting en gelde vir munisipale dienste op 'n maandelikse basis opgestel word, of minder gereeld soos voorgeskryf mag word waar maandelikse rekeninge onekonomies is;

(d) dat alle geld wat ontvang word onverwyld ooreenkomstig hierdie Wet in die munisipaliteit se primêre en ander bankrekenings inbetaal word;

(e) dat die munisipaliteit 'n bestuurs-, rekenkundige en inligtingstelsel het en in stand hou wat-

(i) inkomste eien wanneer dit verdien word;

(ii) rekening hou van debiteure; en

(iii) rekening hou van ontvangstes van inkomste;

(f) dat die munisipaliteit 'n stelsel van interne beheer met betrekking tot debiteure en inkomste, soos voorgeskryf mag word, het en in stand hou;

(g) dat die munisipaliteit rente hef op agterstallige betalings, behalwe waar die raad ooreenkomstig sy begrotingsverwante beleids-dokumente, en binne 'n voorgeskrewe raamwerk, vrystellings verleen het; en

(h) dat alle inkomste ontvang deur die munisipaliteit, met inbegrip van inkomste namens die munisipaliteit deur enige insamelingsagent ontvang, ten minste op 'n weeklikse basis gerekonsilieer word.

Moet die NT dadelik in kennis stel van enige betalings wat deur 'n staatsorgaan aan die munisipaliteit verskuldig is vir munisipale belasting of vir munisipale dienste, indien sodanige betalings gereeld vir tydperke van meer as 30 dae agterstallig is.

Moet verseker dat enige fondse namens 'n ander staatsorgaan deur die munisipaliteit geïn, ten minste op 'n weeklikse basis aan daardie staatsorgaan oorgedra word; en

Moet verseker dat sodanige fondse nie vir doeleindes van die munisipaliteit gebruik word nie.

2.18 *Bestedingsbestuur* [Artikel 65(2)]

Moet alle redelike stappe neem om te verseker-

(a) dat die munisipaliteit 'n doeltreffende stelsel van bestedingsbeheer, met inbegrip van prosedures vir die goedkeuring, magtiging, onttrekking en betaling van fondse, het en in stand hou;

(b) dat die munisipaliteit beskik oor, en die instandhouding behartig van, 'n bestuurs-, rekenkundige en inligtingstelsel wat-

- (i) besteding eien sodra dit aangegaan word;
- (ii) rekening hou van skuldeisers van die munisipaliteit; en
- (iii) rekening hou van betalings gemaak deur die munisipaliteit;

(c) dat die munisipaliteit 'n stelsel van interne beheer met betrekking tot skuldeisers en betalings het en in stand hou;

(d) dat betalings deur die munisipaliteit gemaak word-

- (i) direk aan die persoon aan wie dit verskuldig is, tensy anders ooreengekom vir redes wat voorgeskryf mag word; en
- (ii) óf elektronies óf deur middel van nie-oordraagbare tjeks, met dien verstande dat kontantbetalings en betalings deur middel van kontanttjeks slegs weens uitsonderlike redes gemaak mag word, en slegs tot op 'n voorgeskrewe perk;

(e) dat alle gelde deur die munisipaliteit verskuldig binne 30 dae na ontvangs van die betrokke faktuur of staat betaal word, tensy anders voorgeskryf vir sekere kategorieë bestedings;

(f) dat die munisipaliteit aan sy verpligtinge met betrekking tot belasting, heffings, regte, pensioen, mediese bystandsfondse, ouditfooie en ander statutêre verpligtinge voldoen;

(g) dat enige dispuut rakende betalings deur die munisipaliteit verskuldig aan 'n ander staatsorgaan bygelê word ingevolge wetgewing wat dispute tussen staatsorgane reguleer;

(h) dat die munisipaliteit se beskikbare bedryfskapitaal doeltreffend en ekonomies ingevolge die voorgeskrewe kontantbestuurs- en beleggingsraamwerk bestuur word;

(i) dat die munisipaliteit se voorsieningskanaal-bestuursbeleid geïmplementeer word op 'n wyse wat regverdig, billik, deursigtig, kompeterend en koste-effektief is; en

(j) dat alle finansiële rekeninge van die munisipaliteit teen die einde van elke maand afgesluit word en met die munisipaliteit se rekords gerekonsilieer word.

2.19 *Besteding ten opsigte van personeelvoordele* [Artikel 66]

Moet in 'n formaat en vir tydperke wat voorgeskryf mag word, aan die raad verslag doen oor alle besteding deur die munisipaliteit ten opsigte van salarisse, lone, toelaes en voordele van personeel, en op 'n wyse wat sodanige besteding per tipe besteding aantoon.

2.20 *Fondse oorgedra aan organisasies en liggame buite regering* [Artikel 67]

Moet, voordat fondse van die munisipaliteit aan 'n organisasie of liggaam buite enige regeringsfeer [behalwe ter voldoening aan 'n kommersiële of ander besigheidstransaksie] oorgedra word, homself/haarself tevrede stel dat die organisasie of liggaam-

(a) beskik oor die kapasiteit en ingestem het-

(i) om aan enige ooreenkoms met die munisipaliteit te voldoen;

(ii) om vir die termyn van die ooreenkoms te voldoen aan alle verslaggewings-, finansiële bestuurs- en ouditvereistes wat in die ooreenkoms gestipuleer mag word;

(iii) om ten minste maandeliks aan die rekenpligtige beampte verslag te doen oor werklike bestedings teen sodanige oordrag; en

(iv) om onverwyld sy geouditeerde finansiële state vir sy finansiële jaar aan die rekenpligtige beampte voor te lê;

(b) effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële bestuur- en interne beheerstelsels implementeer om teen bedrog, diefstal en finansiële wanbestuur te waak; en

(c) met betrekking tot vorige soortgelyke oordragte aan al die vereistes van hierdie artikel voldoen het.

Moet deur middel van kontraktuele en ander gepaste meganismes nakoming van subartikel (1) afdwing.

Moet, waar subartikel 67(1) (a) nie van toepassing is nie op 'n organisasie of liggaam wat omsien na behoeftiges of wat deur die regering gebruik word as 'n agentskap om na behoeftiges om te sien-

(i) alle redelike stappe doen om te verseker dat die geteikende begunstigdes die voordeel ontvang van die fondse wat oorgedra word; en

(ii) teenoor die O-G sertifiseer dat voldoening aan subartikel (1) (a) deur daardie organisasie of liggaam onekonomies of onredelik is.

2.21 *Opstel van begroting* [Artikel 68]

Moet die Uitvoerende Burgemeester bystaan by die verrigting van die begrotingsfunksies wat aan die Uitvoerende Burgemeester opgedra is.

Moet die Uitvoerende Burgemeester voorsien van die administratiewe ondersteuning, hulpbronne en inligting wat nodig is om daardie funksies te verrig.

2.22 *Implementering van begroting* [Artikel 69]

Moet verseker dat die besteding van fondse ooreenkomstig die begroting geskied en besnoei word soos nodig wanneer inkomste na verwagting laer sal wees as wat in die begroting of in die DL+BI plan geprojekteer is; en

Moet verseker dat inkomste en besteding behoorlik gemoniteer word.

Moet, wanneer nodig, 'n aansuiweringsbegroting opstel en dit aan die Uitvoerende Burgemeester vir oorweging en tertafellegging in die raad voorlê.

Moet nie later nie as 14 dae na die goedkeuring van 'n jaarlikse begroting aan die burgemeester-

(a) 'n konsep DL+BI plan vir die begrotingsjaar voorlê; en

(b) konsepte voorlê van die jaarlikse prestasie-ooreenkomste ten opsigte van die Munisipale Bestuurder en alle senior bestuurders.

2.23 *Dreigende tekorte, oorbesteding en oortrekkings* [Artikel 70]

Moet skriftelik aan die munisipale raad verslagdoen oor-

(a) enige dreigende-

(i) tekorte in begrote inkomste;

(ii) oorbesteding van die munisipaliteit se begroting; en

(b) enige stappe gedoen om sodanige tekorte of oorbesteding te vermy of reg te stel.

Moet, indien die munisipaliteit se bankrekening, of indien die munisipaliteit meer as een bankrekening het, die gekonsolideerde saldo van daardie bankrekenings, 'n netto oortrokke stand toon vir 'n tydperk wat 'n voorgeskrewe tydperk oorskry, die NT onverwyld in kennis stel van-

(a) die bedrag waarmee die rekening of rekenings oortrokke is;

(b) die redes vir die oortrokke rekening of rekenings; en

(c) die stappe gedoen of wat gedoen staan te word om die aangeleentheid reg te stel.

2.24 *Maandelikse begrotingstate* [Artikel 71]

Moet teen nie later nie as 10 werksdae na die einde van elke maand aan die Burgemeester en die PT 'n staat voorlê oor die stand van die munisipaliteit se begroting, wat die volgende besonderhede vir daardie maand en vir die finansiële jaar tot en met die einde van daardie maand aantoon-

(a) werklike inkomste, per inkomstebron;

(b) werklike lenings;

(c) werklike besteding, per begrotingspos;

(d) werklike kapitaalbesteding, per begrotingspos;

(e) die bedrag van enige toekennings ontvang;

(f) werklike besteding teen daardie toekennings, behalwe besteding met betrekking tot-

(i) die munisipaliteit se deel van plaaslike regering se billike deel; en

(ii) toekennings wat deur die jaarlikse Wet op die Verdeling van Inkomste vrygestel is van voldoening aan hierdie paragraaf; en

(g) wanneer nodig, 'n verduideliking van-

(i) enige wesenlike afwykings van die munisipaliteit se geprojekteerde inkomste per bron, en van die

munisipaliteit se bestedingsprojeksies per begrotingspos;

(ii) enige wesenlike afwykings van die dienslewerings- en begrotingsimplementeringsplan; en

(h) enige remediërende of regstellende stappe gedoen of beoog om te verseker dat geprojekteerde inkomste en besteding binne die munisipaliteit se goedgekeurde begroting bly.

Moet by die maandelikse begrotingstaat die volgende insluit -

(a) 'n projeksie van die munisipaliteit se inkomste en besteding vir die oorblywende deel van die finansiële jaar, asook enige hersienings van aanvanklike projeksies; en

(b) die voorgeskrewe inligting met betrekking tot die stand van die begroting van elke munisipale entiteit aan die munisipaliteit verskaf.

Moet, teen nie later nie as 10 werksdae na die einde van 'n maand, daardie deel van die staat wat die besonderhede bedoel in subartikel (1) (e) en (f) aantoon, voorlê aan die nasionale of provinsiale staatsorgaan of munisipaliteit wat die toekenning oorgedra het.

2.25 *Halfjaarlikse begrotings- en prestasie-evaluasie* [Artikel 72]

Moet teen 25 Januarie van elke jaar die prestasie van die munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar evalueer, met inagneming van-

(i) die maandelikse state in artikel 71 bedoel vir die eerste helfte van die finansiële jaar;

(ii) die munisipaliteit se diensleweringsprestasie gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar, en die diensleweringsteikens en prestasie-aanwysers in die dienslewerings- en begrotingsimplemen-teringsplan gestel;

(iii) die vorige jaar se jaarverslag, en vordering met die oplossing van probleme wat in die jaarverslag geïdentifiseer is; en

(iv) die prestasie van elke munisipale entiteit onder die alleen- of gedeelde beheer van die munisipaliteit, met inagneming van verslae ingevolge artikel 88 van enige sodanige entiteite ontvang.

Moet 'n verslag oor die evaluasie wat ingevolge al 72(1) vereis word, voorlê aan-

(i) die burgemeester;

(ii) die NT; en

(iii) die PT.

Moet as deel van die evaluasie aanbevelings doen oor die vraag of 'n aansuiweringsbegroting nodig is.

Moet as deel van die evaluasie hersiene projeksies vir inkomste en besteding aanbeveel in soverre dit nodig mag wees.

2.26 *Rapportering van versuim om begrotingsverwante en ander beleidsdokumente aan te neem of te implementeer* [Artikel 73]

Moet die PT skriftelik in kennis te stel van–

(a) enige versuim deur die raad om 'n begrotingsverwante beleid of 'n voorsieningskanaalbestuursbeleid aan te neem of te implementeer; of

(b) enige nie-voldoening aan enige sodanige beleid deur 'n politieke struktuur of ampsdraer van die munisipaliteit.

2.27 *Algemene verpligting om verslag te doen* [Artikel 74]

Moet aan die NT, die PT, die departement van plaaslike regering in die provinsie of die O-G dié inligting, opgawes, dokumente, verduidelikings en motiverings voorlê wat voorgeskryf of vereis mag word.

Moet indien hy/sy nie in staat is om aan enige van die verantwoordelikhede ingevolge die wet voldoen nie, onverwyld die onvermoë, saam met redes, aan die Uitvoerende Burgemeester en die PT rapporteer.

2.28 *Inligting wat op webtuistes van munisipaliteite geplaas moet word* [Artikel 75(1)]

Moet die volgende dokumente op die webtuiste plaas-

(a) die jaarlikse en enige aansuiweringsbegrotings en alle begrotingsverwante dokumente;

(b) alle begrotingsverwante beleidsdokumente;

(c) die jaarverslag;

(d) alle prestasie-ooreenkomste vereis ingevolge artikel 57(1)(b) van die Stelselswet;

(e) alle diensleweringsooreenkomste;

(f) alle langtermyn leningskontrakte;

(g) alle voorsieningskanaal-bestuurskontrakte bo 'n voorgeskrewe waarde;

(h) 'n inligtingstaat wat 'n lys bevat van bates met 'n waarde van meer as 'n voorgeskrewe waarde wat gedurende die vorige kwartaal van die hand gesit is;

(i) kontrakte waarop subartikel (1) van artikel 33 behoudens subartikel (3) van daardie artikel van toepassing is;

(j) publiek-privaat vennootskapsooreenkomste in artikel 120 bedoel;

(k) alle kwartaallikse verslae wat ingevolge artikel 52 (d) in die raad ter tafel gelê is; en

(l) enige ander dokumente wat ingevolge hierdie Wet of enige ander wetgewing wat van toepassing is, op die webtuiste geplaas moet word, of soos wat voorgeskryf mag word.

2.29 *Delegasies* [Artikel 79]

Moet, met die oog op die behoorlike toepassing van die Wet en die administrasie van die munisipaliteit, 'n gepaste delegasiestelsel ontwikkel wat beide administratiewe en bestuursvaardigheid sal maksimaliseer, asook toereikende wigte en teenwigte in die munisipaliteit se finansiële administrasie sal verskaf.

Kan, ooreenkomstig daardie stelsel, aan 'n lid van die munisipaliteit se topstruktuur in artikel 77 bedoel of enige ander beampte van die munisipaliteit-

(i) enige van die bevoegdhede of pligte delegeer wat ingevolge hierdie Wet aan 'n rekenpligtige beampte opgedra word; of

(ii) enige bevoegdhede of pligte delegeer wat redelikerwys nodig is om die rekenpligtige beampte in staat te stel om 'n plig na te kom wat van die rekenpligtige beampte vereis om redelike of gepaste stappe te doen om die bereiking van die oogmerke van 'n spesifieke bepaling van hierdie Wet te verseker.

Moet gereeld delegasies hersien en, indien nodig, enige van daardie delegasies wysig of intrek.

Mag nie enige van die bevoegdhede of pligte ingevolge hierdie Wet aan rekenpligtige beamptes opgedra, aan enige politieke struktuur of politieke ampsdraer van die munisipaliteit delegeer nie.

Mag by die verlening van enige delegasie beperkings en voorwaardes oplê.

Kan, in die geval van 'n delegasie aan 'n lid van die munisipaliteit se topbestuur, daardie lid magtig om die gedelegeerde bevoegdheid of plig te subdelegeer aan 'n beampte of die bekleër van 'n spesifieke pos binne daardie lid se verantwoordelikheidsgebied.

'n Delegasie ontdoen nie die rekenpligtige beampte van die verantwoordelikheid met betrekking tot die uitoefening van die gedelegeerde bevoegdheid of die verrigting van die gedelegeerde plig nie.

Kan enige besluit geneem uit hoofde van 'n delegasie of subdelegasie ingevolge hierdie artikel bevestig, wysig of intrek, maar so 'n wysiging

of intrekking van 'n besluit mag nie afbreuk doen aan enige regte wat as gevolg van die besluit kon ontstaan het nie.

2.30 *Instelling van 'n begrotings- en tesouriekantoor* [Artikel 80(2)]

Moet 'n hoof- finansiële beampte aanwys;

Moet beamptes van die munisipaliteit aan die hoof- finansiële beampte toewys.

2.31 *Goedkeuring van tenders wat nie aanbeveel is nie* [Artikel 114(1)]

Moet, indien 'n ander tender goedgekeur word as die een wat in die gewone loop van die implementering van die voorsieningskanaal-bestuursbeleid aanbeveel is, die O-G, die PT en NT skriftelik van die redes in kennis stel waarom van sodanige aanbeveling afgewyk is.

2.32 *Implementering van stelsel* [Artikel 115(1)]

Moet die voorsieningskanaal-bestuursbeleid van die munisipaliteit of munisipale entiteit implementeer; en

Moet alle redelike stappe doen om te verseker dat behoorlike meganismes en skeiding van pligte in die voorsieningskanaal-bestuurstelsel bestaan ten einde die waarskynlikheid van bedrog, korrupsie, begunstiging en onbillike en onreëlmatige praktyke te minimaliseer.

2.33 *Kontrakte en bestuur van kontrakte* [Artikel 116(2)]

Moet alle redelike stappe doen om te verseker dat 'n kontrak of ooreenkoms deur middel van die voorsieningskanaal-bestuursbeleid van die munisipaliteit beding, behoorlik afgedwing word.

Moet op 'n maandelikse grondslag die prestasie van die kontrakteur ingevolge die kontrak of ooreenkoms moniteer.

Moet kapasiteit in die administrasie van die munisipaliteit bou-

(i) om die rekenpligtige beampte by te staan in die verrigting van die pligte vermeld in paragrawe (a) en (b); en

(ii) om toesig te hou oor die dag-tot-dag bestuur van die kontrak of ooreenkoms.

Moet gereeld verslag te doen aan die raad van die munisipaliteit oor die bestuur van die kontrak of ooreenkoms en die prestasie van die kontrakteur.

2.34 *Voorwaardes en proses vir publiek-privaat vennootskappe* [Artikel 120(6)]

Moet, wanneer 'n uitvoerbaarheidstudie voltooi is-

(a) die verslag daaroor saam met alle ander tersaaklike dokumente aan die raad voollê vir 'n beginselbesluit oor die vraag of die munisipaliteit met die voorgestelde publiek-privaat vennootskap moet voortgaan;

(b) ten minste 60 dae voor die vergadering van die raad waarop die saak oorweeg sal word-

(i) besonderhede van die voorgestelde publiek-privaat vennootskap, asook die verslag oor die uitvoerbaarheidstudie, openbaar maak; en

(ii) die plaaslike gemeenskap en ander belanghebbendes uitnooi om aan die munisipaliteit kommentaar of vertoë met betrekking tot die voorgestelde publiek-privaat vennootskap voor te lê; en

(c) die menings en aanbevelings aanvra van-

(i) die NT;

(ii) die nasionale departement verantwoordelik vir plaaslike regering;

(iii) indien die publiek-privaat vennootskap die verskaffing behels van water, sanitasie, elektrisiteit of enige ander diens wat voorgeskryf mag word, die verantwoordelike departement; en

(iv) enige ander nasionale of provinsiale staatsorgaan wat voorgeskryf mag word.

2.35 *Openbaarmaking met betrekking tot raadslede, direkteure en beamptes* [Artikel 124(1)]

Moet by die aantekeninge by die jaarlikse finansiële state wat besonderhede insluit van die salarisse, toelaes en voordele van politieke ampsdraers en raadslede, 'n verklaring insluit of daardie salarisse, toelaes en voordele binne die bo-perke van die raamwerk beoog in artikel 219 van die Grondwet val, al dan nie.

2.36 *Voorlegging en ouditering van jaarlikse finansiële state* [Artiklel 126(1)]

Moet die jaarlikse finansiële state opstel en, binne twee maande na die einde van die finansiële jaar aan die O-G vir ouditering voorlê; en

Moet, waar van toepassing, gekonsolideerde jaarlikse finansiële state opstel, en binne drie maande na die einde van die finansiële jaar aan die O-G vir ouditering voorlê.

2.37 *Voorlegging en tertafellegging van jaarverslae* [Artikel 127(5)]

Moet nadat 'n jaarverslag in die raad ter tafel gelê is dit openbaar maak en die plaaslike gemeenskap uitnooi om vertoë mbt die verslag voor te lê.

Moet nadat 'n jaarverslag in die raad ter tafel gelê is dit aan die O-G, PT en die provinsiale departement vir plaaslike regering voorlê.

2.38 *Voldoening moet gemoniteer word* [Artikel 128]

Moet monitor of die rekenpligtige beampte van enige munisipale entiteit aan artikels 121 (1) en 126 (2) voldoen het;

Moet vasstel wat die redes is vir enige nie-voldoening is; en

Moet onverwyld enige nie-voldoening, en die redes daarvoor, aan die raad, die betrokke PT en die O-G rapporteer.

2.39 *Oorsigverslae met betrekking tot jaarverslae* [Artikel 129]

Moet raads- en komiteevergaderings waarop die jaarverslag bespreek word, bywoon met die doel om te antwoord op vrae wat op die verslag betrekking het.

Moet afskrifte van die notules van daardie vergaderings aan die O-G, PT en die provinsiale departement vir plaaslike regering voorlê.

Moet ooreenkomstig 'n oorsigverslag bedoel binne sewe dae na die aanname daarvan openbaar maak.

2.40 *Voorleggings aan provinsiale wetgewers* [Artikel132(2)]

Moet die dokumente in artikel 132(1) (a) en (b) bedoel binne sewe dae nadat die raad die oorsigverslae aangeneem het, aan die provinsiale wetgewer voorlê.

2.41 *Interne oudit-eenheid* [Artikel 165(2)(c)]

Kan pligte aan die interne oudit-eenheid opdra.

3. Ander statutêre pligte, magte en funksies

3.1 *Roep die eerste vergadering van die munisipale raad byeen*

Die Munisipale Bestuurder moet die eerste vergadering van daardie munisipaliteit nadat die raad verkies verklaar is, belê.

3.2 *Sit voor by die verkiesing van die Speaker*

Die Munisipale Bestuurder sit voor by die verkiesing van 'n Speaker.

3.3 *Appèlliggaam*

'n Persoon wie se regte geraak word deur 'n besluit wat deur 'n personeellid geneem is ingevolge 'n bevoegdheid of plig wat gedelegeer of gesubdelegeer is aan die personeellid, kan by die Munisipale Bestuurder teen daardie besluit appelleer.

Die Munisipale Bestuurder moet die appèl oorweeg, en die besluit bevestig, verander of herroep, maar geen sodanige

verandering of herroeping van 'n besluit mag afbreuk doen aan enige regte wat as gevolg van die besluit ontstaan het nie.

Die Munisipale Bestuurder moet ook appèlle wat by ander appèlliggame aanhangig gemaak word, administreer.

3.4 *Inligtingsbeampte*

Die Munisipale Bestuurder is die Inligtingsbeampte ingevolge die *Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting* en verrig al die funksies en oefen al die verpligtinge uit wat aan daardie amp gekoppel is.

4. Gedelegeerde bevoegdhede en pligte

Die Munisipale Bestuurder is verantwoordelik vir die uitoefening van enige bevoegdhede en die verrigting van enige pligte wat aan die Munisipale Bestuurder deur die munisipale raad gedelegeer word, of gesubdelegeer word; ook die verrigting van enige ander funksie wat deur die munisipale raad opgedra mag word.

Die bevoegdhede en pligte wat die munisipale raad aan die Munisipale Bestuurder delegeer het verskyn in die delegasie dokument.

## HOOFSTUK 3 : VERHOUDINGS, VERANTWOORDBAARHEID, INTERAKSIE

Die politieke stelsel van plaaslike regering in Suid Afrika trek 'n aantal magtige liggame en individue bymekaar in 'n eenheid met een doel voor oë, nl. om 'n goeie, doeltreffende en verantwoordbare regering vir die gemeenskap daar te stel. Hierdie rolspelers beskik oor spesifiek verleende bevoegdhede, verskillende mandate van hul prinsipale en mag selfs uiteenlopende persoonlike sienings huldig. Daarby is daar nog die gemeenskap met sy vele en wyduiteenlopende behoeftes. Alles in aggenome is dit 'n resep vir konfrontasie. Wanneer die rolspelers dan met mekaar in kontak kom word daar verhoudinge geskep, deur byvoorbeeld die formele vergadering of selfs die eenvoudige oordrag van 'n inwoner se klagte.

Om al hierdie verhoudinge wat moontlik in die munisipale omgewing geskep kan word te identifiseer, is bykans onmoontlik. Derhalwe word net die belangrikste verhoudings tussen politieke strukture en politieke ampsbekleërs en die Munisipale Bestuurder bespreek, die wyse waarop hulle op mekaar reageer asook die toepaslike lyne van verantwoordbaarheid en verslagdoening.

1. Raad/Raadslid

Die verhouding tussen die kollektiewe liggaam en die lid is in hoofsaak een van etiek. 'n Raadslid moet sy ampsfunksies in goeie trou, eerlik en op 'n deursigtige wyse verrig en te alle tye in die beste belang van die munisipaliteit optree en op so 'n wyse dat die geloofwaardigheid en integriteit van die munisipaliteit nie gekompromitteer word nie. As 'n raadslid die kode verbreek moet die raad na nakoming van 'n voorgeskrewe prosedure, oorweeg om stappe te neem en/of 'n gepaste sanksie in te stel.

Die individuele raadslid se verhouding met die raad kom egter gewoonlik na vore in sy/haar assosiasie met die raad se voorsitter, d.i. die Speaker.

Die munisipale raadslid is verantwoordbaar aan die munisipale raad. Die wyksraadslid as voorsitter van 'n wykskomitee rapporteer aan die raad en is verantwoordbaar aan die raad en die inwoners van die wyk.

2. Speaker/Raad/Raadslid

Die Speaker is die voorsitter van die munisipale raad en is as sulks gemagtig om die verrigtinge tydens raadsvergaderings te dikteer, dog onderworpe aan die reglement van orde, gemene reg en grondwetlike voorskrifte. 'n Raadslid moet die Speaker se beslissings eerbiedig of die gevolge dra. As die Speaker onbehoorlik optree in sy beslissings mag die raadslid amptelik beswaar aanteken en/of ander optredes oorweeg. Die raad kan die Speaker ook van sy amp onthef.
Wanneer ookal die Speaker die gedragskode afdwing moet hy/sy dit doen in ooreenstemming met die reëls van natuurlike geregtigheid. 'n Raadslid wie se gedrag ondersoek word, moet die Speaker se gesag eerbiedig en gehoor gee aan die regmatige versoeke van die Speaker, onderworpe natuurlik aan spesifieke individuele regte.

Die Speaker is verantwoordbaar aan en doen verslag aan die munisipale raad.

3. Speaker/Uitvoerende Burgemeester/Raad

Alhoewel die Uitvoerende Burgemeester die leier van die regerende party en die uitvoerende leier van die munisipaliteit mag wees, is die Speaker die oorheersende figuur tydens die vergaderings van die munisipale raad. Tydens raadsvergaderings het die Uitvoerende Burgemeester geen meer magte of regte dan die gewone raadslid nie, behalwe miskien vir soverre dit verslagdoening van die burgemeester se aktiwiteite betref.

Buite die raadssaal is die Uitvoerende Burgemeester weer die dominante figuur. Hy/sy is die munisipaliteit se uitvoerende leier en saam met die Munisipale Bestuurder aan die stuur van die daaglikse bestuurssake. Aangesien alle verslae na die raad deur die Uitvoerende Burgemeester kanaliseer moet word, moet die Uitvoerende Burgemeester toesien dat die verslae ingedien word ooreenkomstig die prosedures en tydrame wat die Speaker voorskryf. Die Uitvoerende Burgemeester behoort egter nie tegniese verslae te wysig indien hy/sy nie daarmee saamstem nie, maar moet eerder die raad van sy/haar afwykende siening inlig.

Die twee ampte komplementeer mekaar en die bekleërs moet daarna strewe om deurentyd saam te werk.

Die Uitvoerende Burgemeester is verantwoordbaar aan en doen verslag aan die munisipale raad. Die burgemeesterskomitee en enige komitee aangestel deur die Uitvoerende Burgemeester is antwoordbaar aan en doen verslag aan die Uitvoerende Burgemeester.

4. Raad/Munisipale Bestuurder

Die raad as besluitnemingsliggaam moet die advies van die Munisipale Bestuurder ernstig oorweeg. Goeie redes sou aangevoer moet word om nie sy/haar advies te volg nie, veral waar regsgeldigheid en finansiële vermoë ter sprake is. In sommige

gevalle is die Munisipale Bestuurder verplig om nie-navolging aan ander owerhede te rapporteer.

Die Munisipale Bestuurder is aangestel deur die raad en verantwoordbaar aan die raad vir die uitoefening van die funksies aan hom/haar toevertrou ingevolge wetgewing, die reg en ander kontraktuele reëlings. Hy/sy moet egter toegelaat word om daardie funksies uit te voer sonder inmenging en met redelike ondersteuning. Die raad moet darenteen oorweeg of die Munisipale Bestuurder se prestasie aan die verwagtinge voldoen.

Wanneer die raad optree as appèlliggaam moet die Munisipale Bestuurder toesien dat die personeel die nodige administratiewe bystand verleen.

Die Munisipale Bestuurder is verantwoordbaar aan die raad, maar doen verslag aan die Uitvoerende Burgemeester.

5. <u>Speaker/Munisipale Bestuurder</u>

Die Speaker is verantwoordelik om vergaderings van die raad te belê en kan dit net doen met die samewerking van die Munisipale Bestuurder en aangewese personeel. Dit geld ook in die geval van reëlings by die vergaderplek, die samestelling van die sakelyste en opstel van notules. Tensy die Speaker en Munisipale Bestuurder hul onderskeie aksies koördineer, sal raadsvergaderings daaronder ly.

Wanneer die raad of sy komitees optree as appèlliggaam moet die Munisipale Bestuurder toesien dat die personeel die nodige administratiewe bystand verleen.

Die Munisipale Bestuurder moet ook die nodige ondersteuning bied wanneer die Speaker betrokke is by die afdwinging van die gedragskode.

6. <u>Uitvoerende Burgemeester/Munisipale Bestuurder</u>

Die verhouding tussen die Uitvoerende Burgemeester en die Munisipale Bestuurder is van kardinale belang vir die doeltreffende funksionering van die munisipaliteit. Dit is waarskynlik ook die mees komplekse verhouding, hoofsaaklik as gevolg van die groot ooreenkomste in hul onderskeie funksies. Die Strukture en Stelselswette beskryf die Uitvoerende Burgemeester as die persoon in wie die 'uitvoerende leierskap van die munisipaliteit' berus, terwyl Munisipale Bestuurder die 'hoof van die administrasie' is. So ook is die Munisipale Bestuurder verantwoordelik vir die die 'totstandkoming en ontwikkeling van 'n ekonomiese, effektiewe en verantwoordbare administrasie', terwyl die Uitvoerende Burgemeester die plig het om die 'administrasie te monitor'. Nogtans is die funksies nie opponerend nie maar eerder aanvullend; die twee ampsbekleërs moet saamwerk om doeltreffende, effektiewe en verantwoordbare administrasie daar te stel.

Die Munisipale Bestuurder, Uitvoerende Burgemeester en Speaker moet hul onderskeie aksies koördineer ten einde te verseker dat aangeleenthede spoedig vir oorweging en besluitneming voorgelê word.

Wanneer die Munisipale Bestuurder optree as appèlliggaam moet hy/sy toesien dat aangewese amptenare die nodige administratiewe bystand gee.

Die Munisipale Bestuurder rapporteer aan die Uitvoerende Burgemeester, maar is verantwoordbaar aan die raad.

7. <u>Raadslid/Munisipale Bestuurder/Amptenaar</u>

Die individuele raadslid is op die voorfront van kontak met lede van die gemeenskap en word deurentyd konfronteer met klagtes oor dienslewering en ander versoeke om bystand. Omdat die raadslid hierdie sake aan die administrasie moet oordra gebeur dit dat hy/sy direk met die betrokke beampte skakel.

Hierdie tipe skakeling is onvermydelik en moet op so 'n wyse geskied dat dit nie inmenging in die administrasie meebring nie en aan die anderkant ook nie die raadslid in die uitvoering van sy pligte belemmer nie. Rapportering van die aard moet op 'n gekoördineerde en formele wyse geskied. Die Munisipale Bestuurder moet die nodige protokol ontwerp en moet dit oorweeg om personeel in die onderskeie dissiplines spesifiek vir die doel aan te wys.

## HOOFSTUK 4 : DISPUTE

Dit is noodsaaklik om meganismes, prosesse en prosedures te vind vir die oplossing van dispute tussen politieke strukture en politieke ampsbekleërs en die Munisipale Bestuurder.

Alhoewel die omskrywing van rolle en lyne van verantwoordbaarheid en verslagdoening die kanse op konflik mag verminder, sal dit nooit konflik tussen die onderskeie rolspelers verhinder nie. In 'n perfekte wêreld mag dit verskillend wees en navolging van reëls en norme 'n werklikheid. In die werklike wêreld egter sal dispute ontstaan; dit kan nie maar net wegwens word nie, dit moet bestuur word en waar moontlik eerder voorkom word.

Opleiding is 'n goeie manier om rolspelers bedag te maak op die spelreëls, veral op 'n tydstip van vele veranderings, nuwe idees, nuwe wette en beleid. Daar kan nie van die belangrikste rolspelers verwag word om kennis te dra van alle verwikkelinge nie en hulle sal op kundiges moet staatmaak vir advies. 'n Ernstige poging om ag te slaan op gesaghebbende advies kan dalk heelwat dispute vermy.

Omdat munisipaliteite, politieke strukture, politieke ampsbekleërs, raadslede en die Munisipale Bestuurder almal skeppings van die wetgewer is, het die meeste dispute 'n regskleur. Om diesulke dispute by te lê is professionele regsadvies oor die onderwerp van dispuut die logiese keuse.

In die geval van nie-regsaangeleenthede sou dit 'n beter opsie wees om die partye tot die dispuut te oortuig om 'n onafhanklike fassiliteerder te gebruik om een of ander skikking te probeer bereik.

**VERWYSINGS**

Wet 117 van 1998 (die 'Strukture wet')

Verskeie komitees mag ingevolge artikels 71, 79 en 80 ingestel word.

Artikel 53(2)

Artikel 151(3)

Artikel 152

Artikel 156

Artikel 2 van die Stelselswet beskryf dit as 'n entiteit wat bestaan uit die politieke strukture en administrasie van die munisipaliteit; en die gemeenskap van die munisipaliteit.

Artikel 151(2)

Artikel 160(1)(a)

Artikel 4

Artikel 164(1)(b) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 bepaal - "Geen munisipaliteit .. mag 'n munisipale diens verskaf in 'n gebied buite sy jurisdiksie nie, behalwe met die goedkeuring van die raad van die munisipaliteit wat jurisdiksie in daardie gebied het"

Artikels 156 (Bevoegdhede en funksies van munisipaliteite) en 229 (Munisipale fiskale bevoegdhede en funksies)

Artikels 43 and 156(2)

Aangeleenthede vervat in dele B van Bylaes 4 en 5 en aangevul met bykomende aangeleenthede opgedra deur nasionale en provinsiale wetgewing.

Artikel 160(2)

Artikel 12 van die Stelselswet

Artikel 56 van die Strukture wet.

Artikel 229 van die grondwet

Artikel 75A(1)

Artikel 160(2) van die grondwet

Artikel 160(1) van die grondwet en artikel 11 van die stelselswet

GK 423 of 13 Maart 1998

'n Munisipale raad moet 'n delegeringstelsel ontwikkel wat administratiewe en operasionele doeltreffendheid sal optimaliseer en voorsiening maak vir voldoende wigte en teenwigte

Sien in die verband artikels 59 and 62

Sien in die verband artikels 63 and 64 waar die raad uit minder as 15 raadslede bestaan

Aldus artikel 239 van die Grondwet, beteken dit -

(a) enige staatsdepartement of administrasie in die nasionale, provinsiale of plaaslike regeringsfeer; of

(b) enige ander funksionaris of instelling -

  (i) wat ingevolge die Grondwet of 'n provinsiale grondwet 'n bevoegdheid uitoefen of 'n funksie verrig; of

  (ii) ingevolge wetgewing 'n openbare bevoegdheid uitoefen of 'n openbare funksie verrig, maar nie ook 'n hof of 'n regterlike beampte nie;

Wet op Georganiseerde Plaaslike Regering (Wet 52 van 1997)

Artikel 3 van die Stelselswet.

Artikel 11 van die Stelselswet.

Artikel 82 van die Strukture Wet.

Artikel 56 van die Stelselswet.

Artikel 60 van die Stelselswet.

Volgens artikel 2 van die Stelselswet het 'n munisipaliteit 'n afsonderlike regspersoonlikheid wat aanspreeklikheid van sy gemeenskap vir die handelinge van die munisipaliteit uitsluit.

Artikel 152

Artikel 195 van die grondwet.

Nie in Afrikaans beskikbaar.

Artikel 29 van die Strukture wet

Artikel 18 van die Strukture wet

Artikel 29 van die Strukture Wet

Artikel 37 van die Strukture Wet.

Artikel 37 van die Strukture Wet.

Sien artikel 38 van die Intergovernmental Relations Framework Act, 2005.
*Responsibility for co-ordinating intergovernmental relations of district municipalities*

The mayor of a district municipality is responsible for ensuring the co-ordination of intergovernmental relations within the district municipality with local municipalities in the district.

Artikel 7(b) van die Strukture Wet

Artikel 56 van die Strukture Wet.

Artikel 30 van die Strukture Wet.

Die maak van verordeninge, goedkeuring van die begroting, hef van belastings, tariewe, aangaan van lenings.

Artikel 56(2) van die strukture wet.

Artikel 56(3) van die Strukture Wet.

Artikel 56(3)(d) van die Strukture Wet.

Artikel 56(3)(e) van die Strukture Wet.

Artikel 56(3)(g) en (h) van die Strukture Wet.

Artikel 56(5) van die Strukture Wet.

Artikel 63 van die Stelselswet.

Artikel 60(1) van die Strukture Wet.

Artikel 60(1) van die Strukture Wet.

Artikel 60(3) van die Strukture Wet.

Artikel 59

Artikel 62 van die Stelselswet.

Die besondere artikel van die MFB Wet verskyn in hakkies naasaan elke verantwoordelikheid

Sien artikel 21

Dienslewerings- en begrotingsimplementeringsplan wat die burgemeester ingevolge artikel 53 (1) (c) (ii) van die MFB goedgekeur

Wysigings van die diensleweringsteikens en prestasie-aanwysers in die plan mag egter slegs met die goedkeuring van die raad aangebring word nadat 'n aansuiweringsbegroting goedgekeur is

Artikel 80 van die Strukture wet.

Artikel 80(3) van die Strukture wet.

Artikel 56(3)(f) van die Strukture Wet.

Artikel 56 van die Strukture Wet.

Artikel 60 van die Strukture Wet.

Artikel 60 van die Strukture Wet.

Artikel 1

Artikel 60 van die Strukture Wet.

Artikel 23 van die Strukture Wet.

Artikel 30 van die Strukture Wet.

items 3 en 4

item 10

item 11

"White Paper on Local Government", p.40

Artikel 82

'n Verpligting ingevolge artikel 57 van die Strukture Wet.

Artikel 55 van die Stelselswet
paragrawe (a)-(q) van artikel 55(1)

Artikel 56(3)(d) van die Strukture Wet.

Artikel 56(3)(a) van die Strukture Wet.

Artikel 56(3)(e) van die Strukture Wet.

Artikel 56 van die Stelselswet.

Artikel 66 van die Stelselswet.

Artikel 70 van die Stelselswet.

Artikel 56(3)(c) van die Strukture Wet.

Artikel 56(3)(g) en (h) van die Strukture Wet.

Artikel 29(2) van die Strukture Wet.

Artikel 36 van die Strukture Wet.

Artikel 62 van die Stelselswet.

Sien artikel 39 van die Strukture Wet.

**RVN023 / 08 / 2016**
**ARTIKEL 53 ROLUITKLARING EN VERANTWOORDELIKHEDE**
**3 / B**

| | |
|---|---|
| Die Munisipale Bestuurder gee n bondige samevatting / opsomming van die item onder bespreking .<br><br>**BESLUIT :**<br>1 . Dat kennis geneem word van die beleid en poging om uitvoering te gee aan Artikel 53 van die Stelselwet , wat vereis dat n munisipale raad n verklaring van voorneme moet onderteken ten aansien van die onderskeie rolle en verantwoordelikhede van politieke ampsbekleërs en die administrasie ;<br><br>2 . Dat Raadslede versoek word om hulle van die inhoud van die dokument te vergewis ;<br><br>3 . Dat die verklaring / eed van die voorneme as blyk van vereenselwiging , afgehandel is tydens die Inhuldigingsvergadering op Dinsdag 16 Augustus 2016 ; en<br><br>4 . Dat kennis geneem word dat die Artikel 53 dokument by die Raad se delegasieregister ( soos behandel onder item 024 ) geïnkorporeer is . | **MUNISIPALE BESTUURDER** |

***